# Nationale Eisteddfod Academie

## Afrikaanse Gedigte

*Uittreksels uit die Di Konokono Festival Sillabus 2002 – 2003 & National Eisteddfod Academy Prospectus 2005*

**Kopiereg Voorbehou**

# Inleiding

Hierdie versameling is saamgestel uit die Sillabus van die Di Konokone Festival wat die Nasionale Eisteddfod Akademie vanaf 2000 – 2003 gebruik het, asook die 2005 Prospektus van die Nasionale Eisteddfod Akademie. Die doel van hierdie versameling is om onderwysers en leerders wat tans *gegrendel* is as gevolg van die uitdagings van Covid-19 en gevolglik nie toegang tot digbundels en soortgelyke materiaal het nie, van geskikte voorbeelde te voorsien.

Hierdie gedigte kan as materiaal vir eie keuse of enige ander geskikte kategorie gebruik word vir leerders wat wil voorberei vir deelname in die *National Eisteddfod of South Africa© 2020* later vanjaar. Hierdie materiaal word beskerm deur kopiereg en mag slegs deur ouers en leerders vir hierdie doel gebruik word.

Die *Wonder van die Woordkuns* verseker enige een wat hom daarmee bemoei van vele genoeglike oomblikke! Geniet dit!

Dr. Francois van den Berg
Hoof Uitvoerende Beampte
National Eisteddfod Academy
3 April 2020

# Inleiding

**Inleiding 3**

**AFRIKAANSE POëSIE 4**

*VOORSKOOL/GRAAD 0 : SEUNS/DOGTERS 4*

*GRAAD 1 : SEUNS / DOGTERS 5*

*GRAAD 2 : SEUNS / DOGTERS 6*

*GRAAD 3 : SEUNS/DOGTERS 8*

*GRAAD 4 : SEUNS/DOGTERS 9*

*GRAAD 5 : SEUNS / DOGTERS 11*

*GRAAD 6 : SEUNS/DOGTERS 13*

*GRAAD 7 : SEUNS/DOGTERS 15*

*GRAAD 8: SEUNS/DOGTERS 18*

*GRAAD 9 : SEUNS/DOGTERS 19*

*GRAAD 10 : SEUNS/DOGTERS 22*

*GRAAD 11 : SEUNS/DOGTERS 25*

*GRAAD 12 : SEUNS/DOGTERS 28*

*OPE AFDELING : DAMES/MANS 32*

# AFRIKAANSE POëSIE

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002"***

**VOORSKOOL/GRAAD 0 : SEUNS/DOGTERS**

***In die kombuis***
Mamma berei ons eetgoed voor
Met meel en suiker kan sy tog toor!
Dis proe-proe hier!
En klits-klits daar!
En kyk daar staan 'n groot koek klaar!
*Marie Storm*

***Ekke***
Ek het twee arms aan my lyf
en met my een hand kan ek skryf.
My kop is heel bo – vas aan my nek
en met my tong kan ek roomys lek.
My oë kan ek rek en rek
en my gesig kan ek baie lelik trek.
Met my mondjie soen ek vir Ma
en met my vingers kielie ek vir Pa.
*Bernie Visser*
*Uit: Rinkel-Kinkel Southern Boekuitgewers*

***Die Spinnekop***
Hiert jou klein kalant
Wat soek jy so kontant
Hier teen my kamermuur?
Dan lyk jy ook nog suur

As jy jou pote roer
En boonop vir my loer
Kan ek so vreeslik gril
En hard begin te gil

***UIT :"NEA PROSPECTUS 2005"***

GROOTWORD
Ek wonder en wonder
Hoe word 'n mens groot?
Maar ek dink tog ek weet:
Die kos wat ek eet,
sak af in my voete en bene
en dan stoot dit my en my kop
so op en op en op.
*Digter: Cecilia Saayman*

BOETIE SE SYWURMS
Boetie se wit sywurms
Kan eet en eet en eet.
Vandag is dit moerbeiblare
en môre is dit beet.
Dan wil hul weer spinasie
of groen slaaiblare hê.
En as boetie hom weer kon kry
Bly daar net stingels lê.
*Digter: Hester Heese*

**BLOU-OGGEND**
Hondjies en katjies
ditjies en datjies.
Alles is êrens
maar ek kry dit nêrens
My veters is flenters;
klavier speel weer vals.
My pappa onthou mos niks
en mamma vergeet weer als!
*Digter Cecilia Saayman*

**STROOPSOET**
'Boetie wat het jy in die spens kom soek?
En waarom is jou hare so gekoek?'
Ma vra sommer al twee vrae tegelyk
Terwyl sy Boetie op en af bekyk.

Boetie sluk nog aan die stroop en sê bedees :
'Ma sê altyd ek moet stroopsoet wees.
Daarom het ek hier na stroop kom soek,
En daarom is my hare so gekoek!'
*Beatrix Viviers*

**WAAROM?**
My mammie draai my hare saans
in knoppies teen my kop
en smôrens kam sy almal uit,
dan lyk ek nes 'n pop.
Dan sê sy altyd baie trots,
dit is die moeite werd.
Maar waarom – kan jy my dit sê –
krul 'n vark se stert?
*B Traas*

**DIE SOM**
Jannie sit al weer en brom,
sy griffie draai hy om en om.
"Meester dink reeds ek is dom
oor my werk nooit klaar kan kom.
My maag is hol, my rug al krom
soos ek sukkel met die som."
*sita*
*Uit: Wieliewalie [Perskor]*

**PA SE GEELHOUT-WAKIS**

Pa se geelhout-wakis
het 'n slot en groen skarniere,
en binnekant die wakis
lê boeke en papiere.

Dis alles vol geskrywe
van aa tot bee tot zet ---
dis seker om te sê
hoeveel geld ons het.
*R.K. Belcher*
*Uit: Wieliewalie [Perskor]*

SEBRA
Sebra, sebra, met jou stert,
is jy speelding of dalk perd?
Waarom hou jy, waar jy gaan,
altyd jou pajamas aan?
*Piet Swanepoel*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002"***

**GRAAD 1 : SEUNS/DOGTERS**

***Stout kinders***
Weet jy wat gebeur met kinders
wat nie hul kossies eet?
Of dalk hul boeke by die huis vergeet?
Wat hulle te veel verbeel
om met hul maats te speel?
Die groot vet tannie by die brug
gooi hul oor haar rug
en kook hul in 'n pot
ja, dis stout kinders se lot.
*Marinda le Roux*

---

***Snaakse neus***
Haai ou olifant, jou grote reus,
Wêreld, maar jy het 'n snaakse neus!
Waar ander neuse net kan ruik,
Word joune vir 'n stort gebruik.
Sjoe, en dan moet almal koes.
Want dan gaan dit sommer woes!
*Beatix Viviers*
*Uit: Versies vir Woelwaters Tafelberg*

---

***Skilpad***
Skilpad slaap jy waar jy lê?
Hoor jy wat die korhaan sê:
Jou lelike ding met jou knoppies-dop
jou weglê-pote en skurwe kop
Toemaar, Skillie, jy's 'n skat
al maak jy ook so baie nat
*F. du Plessis*
*Uit: Rympieboek vir Kinders Tafelberg*

---

***UIT :"NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 1 : SEUNS / DOGTERS**

AS PAPPIE KOM
Ek steek my altyd weg
as Pappie huis toe kom;
agter die donker deur
wag daar 'n soen vir hom.

Saggies kom hy nader,
sy hoed wil hy daar hang;
maar voor hy weet, het ek hom
al om sy nek gevang.

Nou sit hy in sy stoel,
mooi broodjies moet ek bak,
want hoe kry ek my lekkers
uit daardie baadjiesak?
*Helena JF Lochner*

**BABA-MAATJIE**
Mamma was sewe dae by die hospitaal –
al die tyd om 'n baba-maatjie vir my te haal.
Toe kom sy tuis met die mannetjie, maar ag!
Hy lag nie
Hy loop nie.
Hy sit nie.
Hy praat nie.
Die baba wil net die hele dag slaap –
en hy skree in plaas van te praat …
Ek het nou genoeg van my baba-maat!
*CN van der Merwe – Versies vir Suikerklontjies*

**AI! DIE ReëN**
Ek hou nie van die reën
Ek is dan so verveel
Want dan mag ek nooit
Daar buitekant gaan speel

Met my neusie platgedruk
Loer ek deur die ruit
Alles lyk so vaal en koud
"Ag sonnetjie, kom tog liewers uit!"
*D.C. Stoltz*
*Uit- Rympies en Raaisels.*

**EERSTE SKOOLDAG**
Een nag het iets vreesliks met my gebeur:
'n Vrou kom in my kamerdeur –
'n skooljuffrou met net een tand
en 'n yslike sweep in haar hand.
"Lees!" sê sy. "Toe, op die daad,
anders sal hierdie sweep met jou praat!"
"Maar, Tannie," sê ek, "ek is nog maar vyf …
ek kan glad nie lees of skryf."

"Nou dan doen jou somme –
trek af en tel op!
En vir elke fout wat jy maak – pas op –
roep ek die nagmerrie om jou te skop!
Hoor jy hoe hy daar runnik en lag?
Dis al lank wat hy vir hierdie kans wag!"

Van die runnik skrik ek wakker –
Langs die bed staan Ma en sy glimlag:
"Opstaan, my kind, dis jou eerste skooldag!"
*CN van der Merwe*
*Versies vir Suikerklontjies [Waterkant]*

**DIE STOUTE HOENDERS**
Heeldag het ek hard gewerk,
    gespit, gehark, geplant:
ertappels en uie.
    met walletjies aan die kant.
Nou kom al die hoenders

    en pik en krap daar rond.
Kiep! jou slegte ding,
    gee pad hier vir my grond!
Maar wag, hier is 'n emmer;
    ek gaan dit gou vol tap.

Toe, kom julle nou net
    weer in my tuintjie krap!
Waag jy dit? So ja!
    Wat sê jy nou daarvan?

Ek het jou mos gewaarsku –
    loop kry verkoue dan!
*B Traas*

**'N REËNERIGE MÔRE**
Tippe-tip-tip, tippe-tip-tip,
so val die reën daarbuite
en die wind skud aan die ruite.
Dis opstaantyd, maar ag, met sulke nare weer
wie wil nou in die skool gaan leer?
Ek krul my op, my oë voel swaar;
my slapie is nog nie heeltemal klaar…
"Prrr! sê die wekker, "luiaard, staan op!"
….. Ek het lus om die ding fyn en flenters te skop!
*CN van der Merwe*
*Verse vir Suikerklontjies [Waterkant]*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002"***

**GRAAD 2 : SEUNS/DOGTERS**

***'n Tand getrek***
Jippie-hoe! Jippie-hô! Jippie-haai!
ek wonder of jul ooit kan raai!
Gisteraand het iets gebeur,
en glo my, dit was glad nie seer!
Twéé melktande is gelyk gepluk,
en amper het ek nog verstik!
Ou Miekels Muis het hul weggedra,
en per brief het ek 'n rand gevra!
Geen tandpyn meer, ag, dankie tog,
en ek kan met 'n haasmond spog!
*Marie Storm*

***Jan Akkedissie***
Akkedissie, klein en skaam,
sê vir my: wat is jou naam?
Is jy vrou; of dalk 'n man?
Ek sal jou sê: ek noem jou Jan.

Jan Akkedissie . . . Hmm . . . dit klink mooi . . .
Wie gaan ons na jou doop toe nooi:
Ons moet iemand kry om jou in te dra . . .
Ja, ek sal sommer vir Klienboet vra.

Ek sal dan die dominee wees;
die druppels laat val ewe bedees.
Kom, klim op my hand jou liewe klein dier . . .
Ag nee, jy's weg; net jou stert is nog hier!
*Bernie Visser*
*Uit Kaperjolle  Perskor*

***Hasie Kwas***
Hasie, hasie, wippe-wap
hierso, daarso, askoek trap.
Hasie, hasie, huppel-hop,
deur die bossies, oor die knop.

Lange ore flippe-flap,
kleine pootjies trippe-trap –
maar wat hom die beste pas,
is die kwassie aan sy bas.
*Piet Swanepoel*
*Uit: Rympiesfontein  Human & Rousseau*

***UIT :"NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 2 : SEUNS / DOGTERS**

**MY POPPIE**
    *vir Santie*

My klein poppie
voel so siek.
Sy het regte
popverdriet.
Sies tog, kleinding,
wat makeer?
Is jou magie
dalkies seer?
Toe maar, toe maar,
moenie huil nie;
Mamma sal jou
nooit verruil nie.
Sit maar net
hier op my skoot,

dan word kindjie
sommer groot.
*- Susan Kotzé*

**JY's VERLORE**
Jy's verlore
sonner ore.
Jy's verlore sonner neus.
Jy's verlore
nié beskore om die aandkoerant
te lees,
want

2 groot uitstaanore
en 'n welbedeelde neus
is mos seker en gewis
vir 'n bril om op te rus.
Neus en ore, neus en ore
Is dus gawe toebehore
en is dié dalk nie na wense –
dra maar liewer
kontaklense!
*Philip de Vos*

**KATASTROFE**
Ek is die ramkat-bobaaskat
wat alles weet en hoe en waar
om spekvet muise vas te vat
as hulle in die skuur baljaar.

Ek is die bobaas-boomklimkat
wat alles weet van op en af
as ek soms vinnig moet laat vat
voor Wagter wat gevaarlik blaf.

Ek is die wysneus-slimjankat
wat alles weet van kom en gaan
en sommer ook van dit en dat –
maar vra my net nie van saffraan

*Piet Swanepoel*

**AMOK**
Mammie koop 'n nuwe hoed
vol strikke, linte en allerhande goed.
Want Saterdag trou tant Willemien –
'n deftiger troue is nog nie gesien.

Buite in die tuin wei boerbok Peet,
Net wat sy oë sien, wil hy mos vreet :
dis Sus se pop en snye koek,
koerantpapier, selfs Boet se broek.

Hoe dit gebeur het, sal niemand ooit raai,
maar bok se kind het die hoed geskaai.
Toe Mammie woedend buite kom,
sluk hy nog net die laaste blom.

*Bernie Visser*

**BLOEKOMBLARE**
Bloekomblare,
berg en dal.
'n Koei het uit die lug ge
v
a
l
met 'n
donderende
SLAG!
So iets
het ons
nóóit verwag.
Vol en vet
was elke speen.
Nou't ons melk
in plaas van reën.
*Philip de Vos*
*UIT: "Moenie 'n mielie kielie nie"*

**STINK GOGGA**
Stinkgogga se hartjie is so seer
sy het nie een ou maatjie meer.
Sy ruik so sleg vertel ek jou
geen mens of dier kan dit hou!

Hulle het haar in die bad gestop
en vir 'n hele dag lank geskrop.

Reukwater gooi hul oor haar lyfie
[dis ook maar goed sy was 'n wyfie].
'n Paar dae en sy ruik weer net so!
Die goggas wou dit glad nie glo!
Dis in haar bloed dis wat hulle nie weet nie
Sy ruik so, dat die ander haar nie eet nie.
*Piet Swanepoel*

**SKOOLSIEK**
Boetatjie is 'n siek man,
Sy koors is baie hoog,
Sy oë brand, sy keel is seer,
Sy mond is baie droog.

Dis masels, sê sy ouma.
Pampoentjies, sê sy ma.
Skarlakenkoors, sê sy oupa,
Dis skoolsiek, sê sy pa.

Drink maar jou medisyne,
Boetatjie, jy sal weet
of dit 'n regte siekte is
of sommer kierang-sweet.

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 3 : SEUNS/DOGTERS**

***Die ongelukkige Hen***
Ons hen die broei op eende-eiers
Geduldig dag na dag,
En eindelik word haar werk bekroon,
Waarop sy so lank al wag.

Met kop opsy beskou sy hul:
Ses bolletjies ferweel
Met bekkies lig en rooi van kleur,
En lyfies bruin en geel!

Sy neem hul op 'n wandeltog
Daar by die dam se wal,
En dadelik spring die sessies in.
„O," skreeu sy, „ek word mal!"

En so gaan dit nog elke dag:
Besorg, beangs, benoud
Stap sy daar rond - „Ag wêreld tog,
Die kleingoed is te stout!"
*Henriette Pienaar*
*Uitgewers – Tafelberg*

***Ek is bang vir Volstruis***
Ek is bang vir Volstruis
Met sy lang slangnek
As hy aankom na my
Moet ek my bene rek

Ek is bang vir die slurp
Van ou Olifantbul
Met sy ore wat flap
En sy tande wat krul

Maar ou Trapsuutjies
Met sy ogies wat draai
Kan maar enige tyd
Aan my vinger kom swaai
*Hester Heese*
*Bokmakierie Sing Tafelberg*

***Muskiet***
Haai! Muskiet,
jou zoemerige ding;
al op die een noot
sing, sing, sing.

Zoei! teen die dak,
en zoei! om my kop.
Zoei! teen my neus –
en dáár sit die knop.

Nee-a Muskiet,
laat staan nou jou nuk,
of ek sal jou mos
papelelletjies druk.
*Pieter W. Grobbelaar*
*Uit: My Rooi Rympieboek*

***UIT :"NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 3 : SEUNS / DOGTERS**

**KATTAKAT SE PLAN**
Vandag moet Vetmuis uit haar huis uit kom
besluit meneertjie Kattakat.
Hy het dae laas geëet
en sy maag is plat.
Hy sit sy mooiste glimlag op
en stryk sy snorbaard glad.

Tok-tok-tok klop hy galant.
"Wie's daar?" wil sy eers hoor.
"Jou goeie vriend, my skat". Sê hy
en sit sy beste voetjie voor.

"Goeiemôre, mooiste meisie!
Ek is so lief vir jou.
As jy my nou die jawoord gee,
kan ons maar dadelik trou!"

"O ja," sê sy, "dit wil ek baie graag ….
maar wat hoor ek so raas?
Is dit miskien die weer,
of dalk ….. 'n leë maag?"
*Digter: Cecillia Saayman*

**KATTERIG**
Sannie en ek was altyd maats;
Maar nou's ek kwaad vir haar:
Sy spog heeldag met al haar goed,
Ons praat nie met mekaar.

Sy sê haar pop is baie mooier –
'n Lelike ou ding!
Haar rok kos kastig meer as myne.
Sy dink ook sy kan sing.

Maar ma sê ek is baie soeter,
Ook slimmer in ons klas,
Wat helpdit dan om so te spog!
Ek slaan haar hand tog in die as!
*Outeur: Helena Lochner*

**EENDAG IS EENDAG…..**
Ek wil vir my 'n kaskar bou,
want Braam de Beer het so 'n mooie.
Dis geel en wit en donkerblou,
Maar ek soek 'n Ferrari-rooie.

Ou Braam jaag elke liewe dag
die bult hier af met groot vertoning,
maar endag sal ék laaste lag –
hom wys wie's eintlik renbaankoning.

Ja, as ons eendag groot is, ken
g'n niemand meer vir Braam nie,

maar dan sal julle hoor hoe wen
die Nuwe Held van Kyalami!
*Piet Swanepoel*

**WOLKE**
Ek lê op my rug
na die wolke en kyk;
dis snaaks om te dink
hoe bekend hulle lyk.

Want daar sien ek Gert,
net sy neus is te groot,
en langs horn verskyn die
vet maag van oom Koot.

Nou waai hulle weg - maar
kyk! Hier kom tant Bet.
Dis jammer dat sy sulke
lang ore het.

Ek sien ook vir Wagter,
gevolg deur Katryn.
Maar dan kom die wind op,
en almal verdwyn.
*Tryna Visser*
*Uit: Wieliewalie [Perskor]*

**BANG!**
Allenig moet ek bed toe gaan,
dis donker in die gang,
ek sal niemand vra om saam te loop,
hul sê reeds ek is bang.

Daar sit hy in die hoekie weer,
sy arms sal my gryp,
en 'Mammie! Mammie!' skree ek hard,
'die donker wil my knyp!'

En toe vat Ma my handjie vas
en lei my deur die gang.
Die skelm was my eie jas
wat aan die kapstok hang.
*Jeanne van Belkum*
*UIT: DJ Opperman se Kleuterverseboek [Tafelberg]*

**NUUSKIERIGE AGIE**
**As iemand iets fluister**
in iemand se oor
wil nuuskierig agie
dit altyd ook hoor.

'n Liefdesgeskenkie
of briefie miskien
sal nuuskierige agie
ook altyd wil sien.

Sou iemand met graagte
van iets wou vergeet,
wil nuuskierige agie
daar alles van weet.

Egipte is tien maal
getref deur 'n plaag,
maar die elfde kry ons toe-
nuuskierige aag!
*Piet Swanepoel*
*Uit: Voorslaggies [Human & Rosseau]*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 4 : SEUNS/DOGTERS**

***Ek wonder . . .***
Ek wonder wat kalkoene
dink van kouse en van skoene
en of ouma Pop se poue
hou van rokke met lang moue . . .

Wat weet mak en wilde ganse
van vandag se nuwe danse
en sal langnek-veldvolstruise
aard in tweeverdiepinghuise?

Wat doen Sekretaars met penne
of gee hy nou dalk te kenne
hy sal een van die mooi dae
skryf en antwoord op my vrae?
*Piet Swanepoel*
*Uit: Rympiesfontein* Human & Rousseau

***My balpuntpen***
'n Wonderlike ding,
my balpuntpen,
skrywe letters en woorde
soveel as hy ken.

Nooit word hy stomp nie;
hy skryf net en skryf.
Die woorde en goeters
borrel uit sy lyf.

Partykeer word hy moeg,
dan skryf hy sleg.
Juffrou raas
en sê: 'Skryf reg.'

Maar my balpuntpen
steur hom niks daaraan nie
en skrywe dan goeters
wat niemand verstaan nie.
*Ulrich Gerryts*

**UIT:"*NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 4 : SEUNS / DOGTERS**

**BOET SE TROETIES**

Boet Chris hou van torre en yslike motte;
hy't aaklige goggas en nare ou rotte,
'n krap en 'n padda swem saam in 'n bak,
drie wit muise skarrel rond op sy rak.

Loer onder sy bed – kyk net wat hy hou hy daar!
'n Menigte wurms krioel deurmekaar!
Sy eekhoring spring en baljaar op die dak,
'n muishondjie slaap in sy baadjie se sak!

Ons kan dit nie hou nie, die toestand versleg,
party goed loop rond en party goed loop weg!
'n Vreeslike gil! Ma spring weg en slaan neer –
'n krap in haar skoen! Weer 'n poets van meneer!
*Vesta Oelofsen*

**OORKANT**

Ek loop my vas teen die padverkeer
en probeer verniet om oor te steek
Die motors keer my vore.

Ek mik nou links en dan weer regs.
Probeer verniet om oor te steek,
die hele liewe more.

Ek sien 'n man oorkant die pad.
Ek skree en vra hoe hy daar kom.
Hoe is dit hom beskore?

Hy bak sy hande om sy Mond
en skreeu – sing oor die padrumoer:
"Ek is hier gebo-o-o-o-o-re!"
*NJ Strydom*

**OPVOEDING**

Pieng-pong, pieng-pong
Pieng-pieng-pong, pieng-pieng-pong,
Pieng-pieng-pong-pong, Pieng-pieng-pong-pong…..
My vingers struikel tam-tam voort
en druk nie die klawers soos dit hoort.
Om te oefen vir 'n uur
kan voel of dit vir ewig duur

Ek haat die klavier –
haat, haat, haat!
Maar al my gekerm
sal niks baat.

Ma glo om klavierles te neem, is in ….
Dit help glo met my opvoeding!
*Bernie Visser*
*Uit – Oe-la-la - Versies vir Kleintjies*

**DIE MEERMINNE**

Onder in die diepblou see
waar vissies rondbaljaar,
woon die fraiste meerminne
tussen rotse daar.

Soms in die helder sonneskyn
sit hulle en seegras vleg,
of lange lokke uit te kam,
of swem hulle met die vissies weg.

Hulle swem na verre eilande
waar palmbome staan:

Sterk matrose is regtig bang
as hulle dié stemme hoor:
want, word hulle op die rots gelok,
sal hulle die skip verloor!
*Helena J.F. Lochner*
*Keur vir ons kinders – Jan Kromhout*

**DIE VLEISDIEF**

Ou Witboskraai bo in die boom
sit van lekker kos en droom.
Toe kom Boer se vrou daar aan
en laat 'n skottel vol vleis op die tuintafel staan.

Kraai draai sy kop en rek sy oë.
**Dit wat hy sien, kan hy skaars glo**
Hy laat hom nie twee keer nooi.
Ai! Hy wens by kon sy vriende nooi.

Reguit duik hy af. Hy kry 'n groot stuk beet ....
Genoeg sodat sy vrou ook daarvan kan eet.
Maar ........... Boer gewaar die affêre
en nael na die plek waar hy sy geweer bêre.
Hy gryp dit van die rak en laai ..........
Doef-doef ! Jy sien net vere waai.
Arme kraai.
*Bernie Visser*

**DAARDIE GROOTMENSE**

As die grootmense kom kuier
dan kyk hul ons eers deur.
en hul skinder van ons neuse,
ons ore, mond en kleur.

Anna het Ouma se oë
en Jan het Vader se neus,
en Daan het Oupa se bakore
en voete, soos 'n reus.

En Bettie met haar rooikoppie,
dié kan hul nie verstaan;
hul skud die kop en vra net:
"Waar kom die kind vandaan?"

Maar ekke lyk na niemand nie
en ek is tog so bly!
Oor my kan niemand skinder nie
en ek alleen spring vry!
*Anoniem*

**DIE VERDWAALDE SPRINKAAN**
Ou tante Sprinkaan, sy spring so ver,
Sy spring tot by die morester.
"En toe?" vra die Ster, nie min verbaas.
"Wat is dan nou miskien jou haas?"

"Haas is dit nie," sê die snaakse ou ding.
"Dis nuus van die aarde wat ek jou bring."
"Nuus?" vra die Ster. "Wat kan dit dan wees?
Ek het niks besonders in die koerant gelees."

"Nee, nou weet ek nie," sê tante Sprinkaan,
en sy spring van daar tot op die maan.
"Is jy nou mal?" vra die Maan verskrik.
"Jy's glad verdwaal; jy moet grond toe mik!"

Dit wys jou net hoe onseker alles is:
sy spring mooi die hele groot aarde mis,
en waar sy nou is, kan niemand my sê
(maar ek glo nie daar's iemand wat haar wil hê!)
*B. Traas*
*UIT: Wieliewalie [Perskor]*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 5 : SEUNS/DOGTERS**

***Onder die doringbos***
Weet jy hoeveel goggas jakker
daar onder in die doringbos?
Almal besig, op en wakker –
want bababekkies wag vir kos.

Wikkel-pote, stampe-stote.
„Staan opsy, jy pla vir my!"
Ogies loer en voelers roer;
een vir een draf hul verby.

Weet jy hoeveel goggas rus nou,
waar blare ritsel in die nag?
Grondkombersies, vuurvliegkersies –
babagoggas sluimer sag.

Sou die mammas ook, ek wonder,
al is hulle moeg en vaak,
in hul gaatjies diep daar onder
by hul siek klein babas waak?
*Bettie Aucamp*
*Uitgewers - Perskor*

***Skoolsiek***
Dokter Kwak moes haastig kom,
ou Piet was baie siek.
Hy steun en steun
en kreun en kreun –
dit gaan nie goed met hom.
Haastig neem ou dokter Kwak
die kasterolie van die rak.
Ou Piet skrik groot –
hy spring daar uit,
vra dokter moet hom liefs inspuit.
Ou dokter kan sy lag nie hou.
Hy troos vir Piet: "Ek sê vir jou,
dit was nie sonder rede.
Ou Piet was siek, dis nou maar waar –
hy't skoolsiek onder lede!"
*Rika Nel*
*Uit: Die Rymelaar van Toet Human & Rosseau*

***Trapsuutjies***
Trapsuutjies wik en wieg,
wik en wieg voor hy sy voet versit.
Sy lyfie rek en strek,
rek en strek na waar 'n vliegie sit.

Hy vorder voet vir voet,
voet vir voet, versit van stam na tak,
verkleur van geel na groen,
groen na geel, 'n meester van sy vak.

Die vliegie draal en droom,
draal en droom en maak sy vlerkies skoon,
Trapsuutjies mik en meet,
mik en meet, steeds langsaam, doodgewoon.

Sy kieste bult en bol,
bult en bol net asof hy wil nies,
maar skielik: ZIPPE-ZAK!
Lippe-klap, weg is vliegie in sy kies.
*Piet Swanepoel*
*Uit: Rympiesfontein Human & Rousseau*

UIT:**"*NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 5 : SEUNS / DOGTERS**

SPRINGMIELIES
Ons gooi die mielies in die pot
en sit die deksel op.
Ons draai die plaat op hoogste graad
en luister vir die eerste skop.

Hoor jy die mieliepitte spring
en teen die deksel klap?
Nes hael wat op die sinkdak val:
Klakke-latte! Klakke-lap!

Ons haal die deksel suutjies af . . .
Dalk maak dit nog amok!
Dáár lê die pitte oopgebars,
spierwit, net soos kapok.

Ons strooi daar sout of suiker oor
en gooi dit uit die pot.
Dan gryp ons handevol daarvan
en eet dit met genot.
*Nic J Strydom*

**OP DIE DRAAD**
‘n Kwikstertjie, ‘n vinkie,
en die snippie, sus Tinktinkie,
ontmoet een môre op ‘n draad.
Sê Kwikkie : ‘Tjilp! Dis lekker fris
na al die reent! Ek weet beslis
dat bessies baie volop is.’
‘Tjilp, tjilp,’ sê Vinkie, ‘ja, dit waar;
mens kan hul in die bos vergaar.
Die gras staan ook nou vol met saad –
my kleintjies eet van vroeg tot laat.’

‘O, ja!’ knor Tinkie ewe bits,
‘terwyl ons nou aan prate is –
ek wil niks sê nie, maar, nig Vink,
al wil ek jou van niks verdink,
jou Pietie het my San al weer
vol nare bessiestroop gesmeer.
En o, sus Kwik, jou klein Alfons
steel al die sagte veredons
wat Kiep laat val het net vir ons.
Nou ja, ek vlieg, want ek is mooi
vir ‘n dineetjie uitgenooi.
Sit al my vere glad en reg?”
Toe vlieg die bog Tinktinkie weg.
*Elsa Niemeyer*

AS
As as as was, en was was was
En ek ‘n miljoenêr,
Dan vlieg ek nou met hierdie kas
Tot by die môrester.

Dan bly ek daar in ‘n kasteel,
Gebou van glas en goud,
Waarin ek lewenslank kan speel,
Want daar word mens nooit oud.

Ek huur ‘n wolk en reis daarmee
Na vriende in die maan.
Daar kuier ek ‘n week of twee
Totdat ek terug moet gaan.

En kom ek by my ou kasteel,
Dan klim ek op ‘n troon
Ek dra ‘n pak van fyn fluweel,
En ek bly altyd skoon.

Ja, ek sal dan ‘n keiser wees,
Ek word goed opgepas.
Ek hoef ook nooit te skryf en lees,
As was as was en as was was.
*Digter: H.J. Schoeman*

**SOGGENS VOOR SKOOL**
Ek eet my mieliepap en brood,
en as ek dan my bord wegstoot,
sê die groot horlosie teen die muur:
Dis nou ver verby sewe-uur!

Uitveër, potlood, skoon sakdoek . . .
0, waar is tog my groen leesboek?
0 ja, daar in die portaal,
nou nog net my liniaal.

Das regtrek en naeltjies skrop,
in my sak 'n sakdoek stop,
tande borsel, hare kam,
en my ore gou bydam.

Skoene skitter, sokkies skoon,
ek is blink van kop tot toon;
net my kosblik gou - gou vat,
dan loop ek die skool se pad.

'Ta - ta, Mamma, ta - ta, Pa!'
'Soet wees en jou mooi gedra!'
Dis haar rympie elke dag
as sy soentjie gee en lag.
*ESTA STEYN. GEWYSIG*
*UIT: DJ Opperman se Kleuterverseboek [Tafelberg]*

**LEKKERBEK**
'n Lekkerbek is ek.
Ja glo my, ek is gek
oor moltone op koue rys
of mosterdsous oor muishondvleis.

Die beste, ja, my gunstelingdis
is slym en vla oor warm vis,
of wat van kerriemier reg ingemaak
met spoor van slak en vlermuisplaak?

Vir nagereg wil ek graag hê:
vliegvlerk goed ingelê,
muskietboud in diep vet gebraai,
gerol in suiker, koud gewaai,
of kathare in melk gedoop
met jellievis en gouestroop.

Maar waarvan ek nog méér sou hou
is net één hap, selfs net die geur
van daai heerlike sappige peervan jou!
*Jan Esterhuise en Tobea Brink*

**‘n MISVERSTAND**
Toe Toktokkie vir Miskruier bult af sien stoom,
dag hy opeens hy is aan die droom,
want pleks van agter rol die misbol voor,
en dit in die middel van ‘n donkiekarspoor!

Toktok wil nog spot: “Neef Kruier, kappit uit!
Die kar’s voor die perde en niks kan hulle stuit….”
toe merk hy die bol galop reg op hom af.
Met een kyk sien hy dis te laat om te draf.

Toktokkie drup dop vas met sy linker-voorpoot
en duik bo van die pad af in ‘n stofdroë sloot.
Met stokstywe oë wag hy vir die slag
want die misgevaarte kom met geweldige krag.

Teen 'n rasende vaart vlieg die bol oor die voor
en slaat vir Toktokkie kardoef op die oor.
Uitmekaar spat die bol in honderde stukkies:
Toktok tuimel om met doodbenoude hikkies.

'n Ent weg staan Miskruier bedroef en kyk –
sy neef lyk vir hom darem net soos 'n lyk.
Maar toe steier Toktokkie dronk-dronk op
en sy stywe stuitjie tok 'n klipharde klop.
*Annan van der Merwe*
*Gemmerties is ook 'n dier*

**SPINNEKOP**
O versigtigheid op note
Jy sit,
lyfie klein,
verskans
tussen die paaltjies
van jou pote.

O treurigheid op note.
Jy wag
jou prooi in;
gereed vir spring
met ingeboude vere
in jou pote.

O giftigheid op note.
Jy tref
die kol,
smul…
sit stokstil
met jou veertjie-paaltjie-pote.
*A.J.J. Visser*
*Uit: Die Harlekyn Verskyn*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 6 : SEUNS/DOGTERS**

***By die Goodwood-Tentoonstelling***
Hul het my uitgekies en ingetroon
tot hierdie tronk waarin ek woon

waarom hul daagliks, vry nog, gaan
en nie my stom kreet kan verstaan.

'n Eerste Prys hang om my nek
maar saans verlang ek halfpad gek

terug na die kudde, weg van hul lof
na die Karoo-veld en die stof

waar ek nog trots teen die aanwind staan
een van die duisende sonder naam,

sonder die juk van die roem of die dors
en die Eerste Prys op my bors.
*Ingrid Jonker*
*Uit: Ontvlugting*

***Reënboog***
Die reëboog het nou net geval
uit die wye grysblou lug,
nou lê hy daar in onse dam
so kleurvol op sy rug.

Ek wens ek kan so diep induik
en al die kleure vang;
ek sal hul in my kamer
soos wonderlinte hang.

Vir Ma gee ek 'n rooie,
en Pa hou mos van blou;
vir Boetie gee ek geel en groen,
die ander sal ék hou.

Dan dink die dorp se mense
die reënboog het verdwyn,
maar min weet hul hoe wonderlik
die kleure by óns skyn.
*Hester Heese*
*Uit: Sêra Madêra Tafelberg*

***Pure lente***
Dis 'n malkopwêreld vanoggend
van goggas wat rits en gons,
van voëls wat flutspeel in die bome
en paddas wat kaalstert plons.

Ek staan op my kop in die lentegras,
my voete groet die lug:
dan rol ek vinnig om en om
en die lang gras kielie my rug.

'n Miskruier aap my na
hy staan ook op sy kop;
maar hý leun teen 'n vars bol mis,
met drie paar pote om te skop.

O! dis 'n bolmakiesiewêreld
en alles wat leef sê so:
dis pure lente op die aarde
en in die wegraakblou daar bo.
*Hester Heese*
*Uit: Sêra Madêra Tafelberg*

UIT:***"NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 6 : SEUNS / DOGTERS**

MENEER SE SLIMSTE KIND
Die skooldag begin met gebed en gesang
en in die Bybelles hoor ons van "die slang".
Wiskunde is vir my geen probleem
en spelling vorm deel van my sisteem.
Pouse verkies hul soos een man
my tot kaptein van die rugbyspan.
Met geskiedenis gaan dit voor die wind;
ek is "Meneer se slimste kind",

In Engels is ek beter as die res;
selfs Sotho verloop sonder moles.

Die skooldag eindig met 'n halfuur se sang
en net daar word die bordjies verhang.
My stem is soos die van 'n kraai;
ek voel hoe die irritasie in my laai.
Van pure frustrasie begin ek Juffrou verpes.
Ek's 'n groot steuring vir die les.

Die hoof se lat praat hard en seer.
"Juffrou, ek belowe, ek sal nie weer –
Volgende keer sing ek, niemand sal my keer. …
Al klink dit dan soos …. soos …. donderweer!"

**NARE DROOM**
'n Ware spinnekoprak,
en ook in die nag gespin –
terwyl ek lê slaap
en my gees net waak
in die droomwêreld in.

'n Spinnekoprak, óók teer en fyn,
uit silwerdraadjies geweef;
en 'n ding soos 'n spinnekoppoot
wat lelik en grof
al voor my sweef.

Ek lê en sweet
in pyn en angs,
want hy swaai sy poot
en verdwyn dan weer
so vlak by my koppenent langs.
Daar kom hy nou
op 'n stywe draf,
met sy wyd oop bek
en sy harige poot
net reg op my af!

Ek skrik en ek slaan
deur die donker heen . . .
Die gogga is weg
en ek lê op my bed –
net ek alleen!
*Totuis*

**HERFSBLAARREëN**
*Vir Michel*

Ek loop in die reën
met my rooi reënjas
en my rooi reënhoed
en ek hoor die mense sê :
'Kyk so 'n kind!
Sy lyk mos goed
so in die herfsblaarreën."

Ek loop in die reën
met my rooi waterskoene
op die swart teerpad
en ek hoor die mense sê :
'Kyk so 'n kind!
Sy's mos uitgevat
so in die herfsblaarreën.'

Ek loop in die reën,
die herfsblaarreën,
met my rooi kouse van wol.
En ek dink die windjie sê :
'Kyk so 'n kind!
Sy's mos rooiblaar-dol
so in die herfsblaarreën.'
*Hester Heese*

**HUSSE MET SKAAPORE**
Daar is goeters wat mens nie kan raai
wat hulle is, hoe hard mens probeer,
byvoorbeeld soos husse, gesluit in 'n laai.
"Moenie oopmaak nie, husse byt seer!"

En vra jy: "Verklaar wat is husse dan tog!"
dan sê hul: "Klein wysneus, nou ja ...
Dis husse met skaapore. Wat is daar nog
vir nuuskierige agies te vra?"

Lyk husse nou net soos die oor van 'n skaap?
0, kon ons maar sien hoe dit lyk,
dan hoef ons mos nie so verslae te gaap;
maar ons mag glad nie eens kyk.

Die husse! Ja, dis glo'n wonderlike ding,
jy voel half nuuskierig, half bang.
Hul sê husse dié kan alte danig goed spring,
om sommer jou vingers te vang.

Nee, die beste plan is: bly weg van die kas
en laat husse met skaapore staan;
want netnou vang husse jou vingers dalk vas.
Waar kry jy weer ander vandaan?

'n Grootmens! 0, dié is 'n ware terggees,
gelukkig met liefde daarby.
'n Mens moet mos leer nie nuuskierig
te wees,
mens word dus met husse kasty.
*Sannie Steyn*
*Uit: Wieliewalie [Perskor]*

**DIE NIMFIES VAN DIE MIS**
Die mistige weer – die skaduwees roer
en orals voel ons die misnimfies loer.
Sjuut! Ons moet fluister, hoor tog, luister!
Die misnimfies lag so skelm en sag.
Hulle lange jurkies sleep oor die gras,
hulle sluiers hak in die takke vas;
en hulle kruip en sluip so saggies weg
agter die bome – onder die heg.

Sjuut! Staan stil – dan sal ons voel
hoe hulle klamme sluiers om ons woel,
die streel van hulle vingertjies, bleek en koel.

Soos 'n spinnerak in die oggend sag
is die ragfyn kant van hulle kleredrag.
Hulle golwende hare, lank en vaal,
glim deur die mis met pêrels van dou.
Skaam'rige ogies van grys en van grou
loer deur die mis met sluiers omvou.

Teerste wesentjies, tenger en skraal,
wat sag deur die mis en die skemerlig dwaal.
*Tienie Holloway*

**VOETBAL SPEEL**
Die seuns is na die voetbalveld
Daar sit hul orals rond.
Kouse, skoene, baadjies uittrek,
Laat lê maar op die grond!

Die kante word nou eers gekies.
Dit is 'n kaalvoetspan,
Wat skrum en skop en vang en loop,
So hard as hulle kan.

En Jan, die domkop van ons klas,
Is op die voetbalveld,
Vir dié wat kyk, en dié wat speel –
Niks anders as 'n held!

Hy loop soos wind en vang nooit mis.
Hy plant jou op jou kop;
So lank as jy nog gras eet daar,
Het hy 'n doel geskop!
*Helena J.F. Lochner*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 7 : SEUNS/DOGTERS**

***My bokkie***
In die dou
in die boesmangras
in die bitterbos
waar die paadjies kruis,
het ek gistermôre
'n steenbokkie sien lê:
bene ingevou,
bruin en warm
soos 'n brood.

Toe die skool uitkom,
was hy nog daar:
ek was te bang om nader te gaan,
want dan sal hy vlug
en die pad is vaal.

In die dou
in die boesmangras
in die bitterbos
waar die paadjies kruis,
lê hy vanmôre nog,
bruin soos 'n brood.

Nou's ek nie meer bang
dat hy sal vlug nie,
nou is ek bang
my bokkies is dalk
net 'n lampolieblik,
geroes van die lê
in die reën en die dou.

Ek bly liewer ver,
want môre en oormôre
op pad na die skool
en op pad terug
moet hy nog hier wag;
my bokkie so warm
en bruin soos brood.
*Pirow Bekker*
*Hadihie Hadida, Human & Rousseau*

***Ken jy die see***
Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Dié vrede, kalmer as 'n stil, soet kind
lyk of dit dae, dae lank sal duur.
Maar dan word dié bries 'n bulderende wind,
dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

En jy sê nog, Meneer, die vis is duur.

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur,
ons wat net één ou misstappie moet gee
en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

Dan sê jy nog. Meneer, die vis is duur.

Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Matthee:
wat telkens ver, vér oor die golwe tuur?
Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur . . .
*Uit: Ballade van die groot begeer*
*Uys Krige*

***Die groot saam-loop***
Bok bok bok makierie
roep die bokmakierie
en klap sy vlerkies bly
Aan hom speel die groen
en aan hom speel die geel
so koggel hy vir my!

Bok bok bok makierie
roep die bokmakierie;
en sing en fluit en raas
Hy roepsoek na 'n wyfie
Hy roepsoek na haar lyfie
en gorrel groot geraas!

Kok kok kok kewiet
skerts sy wyfie ja,
lok hom met haar lied
lok hom met haar lied
En – daar gaan hy agterna!

Bok bok bok mawiet
Bok bok bok mawiet
soet die tweetjies saam
Die lieflike geluid
nooi my salig uit:
Kom saam, kom saam, kom saam!
*George H. Weideman*
*Uit: Hondegaloppie Voortrekkerpers*

UIT:"***NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 7 : SEUNS / DOGTERS**

**DIE KIND EN DIE WOLF**
God was in die begin 'n wegkruipplek:
tasbaar soos die beertjie in my arms,
naby en seker soos die baksteenmuur
en ek die wyse varkie klein en veilig binne
terwyl die wolf vergeefs sy asem deur die skoorsteen blaas.

Maar later was my huis van klei
en eindelik heeltemal van strooi:
die mense met hul ou gesigte
het gesê daar is geen wolf nie
en kinders wat aan wolwe glo,
is nie vir Jesus lief nie.

En, nou, Here, het ek wys geword soos hulle
en in die donker is ek nooit meer bang nie.
Laat tog die wolf weer deur die skoorsteen blaas.
*Lina Spies*
*Uit: Diby vergenoeg (Human & Rousseau)*

**DIE LAMMERVANGER**
Hy sweef daar in die hemel,
en hy wieg met vlerke wyd,
Hy maal in wye kringe,
gemaklik, op sy tyd;
en hang daar soos 'n ver planet,
bewegingloos en stil,
'n koning van die bloue lug,
so vry en wreed en kil.

Wyd staan sy oë in die son,
hy tuur op die aarde neer,
en wee die arme diertjie
wat sy wilde hart begeer!
Hy mik en dreig 'n oomblik,
dan pyl hy af soos lood,
en raap sy prooi van die aarde
in kloue van die dood.

Die lompe skilpad in sy dop,
die snelle, ratse slang,
wie sy prooi dan ook mag wees,
word almal so gevang
om op die aarde neer te stort,
ver uit die wrede lug;
want as die lammervanger mik,
is daar nie kans vir vlug.
*Tienie Holloway*

**'n SPROKIE**
Ek ken 'n mooi klein sprokie,
wat so na waarheid klink –
dis dat die tortel altyd
sy water troewel drink.

Kom hy by helder plassies,
dan sal hy dinkend neig
as eers, na sagte roering,
die modderwolkies styg.

Dáárom sing hy so droewig
van donker voël-leed;
Dáárom tooi hy hom stemmig
met dowwe verekleed.

So is daar somber siele
waar hy my aan laat dink,
wat, soos die tortel, troewel
die lewenswater drink.

Vir alle lewensliefheid,
vir vreugdesang bevrees,
drink hulle geen genoeëns
of dié moet troewel wees.
*Uit: Wilgerboombogies*

**OUMA-KAROO**
Met 'n wye glimlag
en oop hande
wag sy ons in
op die stoepie
onder die peperboom.

Ligvoets spring ons uit
Asjas se motor wat ons skyt-skyt
van die stasie af karwei het,
trap gly-gly
met ons Sondagskoolskoene
in die leivoortjie
terwyl Ouma vir ons lag.

Ons gryp haar om die lyf,
ons hande reeds in die voorskootsak
waar altyd biltong
en droëwors wag.

Gang-af met kerslig
en die reuk van lampolie,
verby Oupa wat stil
in sy portretraam sit,
'n skelm glimlaggie onder sy snor.
Die kole in die Agastoof flikker,
die oorvol kombuisie gloei.

Ons sit aan by dik snye
soetsuurdeegbrood, boontjiesop
en gebakte kwepers.
Ouma skink warm melk,
sê later:
Toe, julle kuikens moes
al lankal onder die vlerke
gewees het!

Die bulsak golf om
my moeë lyf.
Onder De Smalle en De Breede Weg
drup kerswas engeltjies,
en Mee-aaa-kat kom
vly haar besitlik teen my aan,
spin my saggies toe.

In die deur staan Ooma.
nag, sê sy, en lag.
*Deur Tilla Diedericks*

**JA-NEE**
Al vertel sy graag
hoe sy hom haat,
moet jy dit nooit ooit glo nie.
Ons almal weet maar alte goed
dis geheel en al nie so nie.

As die seuns haar voorkeer
en haar terg:
"Jy's mal oor hom, né?"
ruk sy haar op – kastig vererg.

Maar vir haar maats
sal sy haar geheim vertel
en as húlle eers weet,
weet elke pel!

"Hou tog my geheim," smeek sy.
Hulle belowe plegtig in een koor
en só maak sy doodseker
dat die hele skool gaan hoor!

Soos springmielies
ontplof
haar maters in een keer.
Nou wag sy gloeiend en uitdagend:
hy sál die storie hoor…

Nou waarom dan nie duidelik wys
dat sy tog van hom hou?
Wel, weet jy dan nie meisies sê
op hul eie manier: "Ek hou van jou"?
*Anoniem*

**WOLK-RY**
'n Warrelwind skep my op in die lug
en los my op 'n wolk se rug.

Daar seil ek, en die mense onder
staan hulle boognek en verwonder.

Van Somersetstrand tot Rondebosch
het al wat leef sy werk gelos.

Oor Tafelberg breek my wolk in twee
en ek duik doemeloem in die see.

'n Visserskuit het my opgelaai
en teruggevat na Gordonsbaai.

Telefoon, radio en koerante
versprei my storie na alle kante.
Maar Pa het my aan die nek gevat
en uitgelooi met 'n kweperlat.

'Verstaan,' sê hy, ''n mansmenskind
laat hom nie rondsmyt deur die wind.

'Nog minder loop hy rond en spog
met radio- en koerantebog.'
*Ulrich Gerryts*
*UIT: D.J. Opperman se nuwe kleuter verse boek*

**ONWAARHEID**
Daar is nie wolwe in ons land nie, kind,
die sprokie is net halfpad waar.
Die sprokie is in Rusland uitgevind,
is sleg vertaal, en bly onklaar.

Die strandjut is 'n lafaardsdier
wat op 'n afbeen draf;
hy aas op ouvleis en op vis en wier
al hóór jy hom teen oggend blaf.

Die wildehond is onbekwaam
om in ons tye te bestaan; sy trop is swak,
sy kinders loop met diewe saam.
Die wildehond is byna mak.

Die dier wat óór die seuntjie
uit prente na jou staar,
is deur jou grootjie Naftalie
in Kharkof wel gewaar,
maar
by óns is daar nié wolwe nie.
Die sprokie is net halfpad waar.
*Petra Müller*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 8: SEUNS/DOGTERS**

***Hansie en Grietjie***
daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en –pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af
*Eveleen Castelyn*
*Uit: Tussen hemel en aarde Human & Rousseau*

***Begin somer***
Begin somer en die see
'n oopgebreekte kweper
die lug soos 'n kind
se ballon
ver bo die water
Onder die gordyne
soos gestreepte lekkergoed
miere van mense
en die gul lag van die baai
het goue tande

Kind met die geel emmertjie
en die vergete vlegse!
jou mond is sekerlik 'n klokkie
kleintongetjie klepeltjie
Jy bespeel die son daglank
soos 'n ukulele
*Uit: Rook en Okker*
*Deur Ingrid Jonker, Perskor*

---

***GEE ONS . . . –***
Trek uit jou manel en stywe broeke,
trek 'n t-shirt oor jou kop, slof saam straat-af
mette paar tekkies, rollers en kopdoeke,
verloor gewig van tradisie, begin met ons draf.
Wys jou bene gekleurd met sonbrand,
lag met ons van Bo-Kaap tot Namakwaland.
Sweet saam in die Groot Karoo
waar ons jou nog vashou
en deur jou in onse Here glo.
Laat ons wag nog derde-klas
en oorvol taxi's ry
jou bevoel betas bevry.
Gee ons 'n kans
om ook saans met jou in die disko's te dans.
Gee ons 'n lekker kaalvoet-
kêffiestoep-gatmaak
Afrikaans
*André Boezak*
*Bron: Bylae tot Beeld*

UIT:***"NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 8 : SEUNS / DOGTERS**

**KIND**
Skielik merk ek jou
eenkant in die gesprek
hoe jy my wenkbroue na mekaar toe trek
en met my donker oë my bekyk:
my vyand-pa
my vreemde pa
my ék

soms brom jy die top ten:
evita, abba of die bats, jou stem
is half-gebreek – jy gee not-'n'wiel
vir enigiemand om:
onnies is gek
meisies is simpel
en daar's witbroodjies wat lek

eendag neem jy, wenkbroue, oë,
vyand,
vreemde pa,
vir nog 'n ek
my plek
*Digter: I.L. de Villiers*
*Uit: Leviet en vreemdeling*

**ANYWAY . . .**
In elk geval
Wat ek wou sê is nie vir almal om te hoor nie
Ek wil dit fluister teen die wind in
Sodat dit deel word van alles

Wat jy doen en is
Son wat padlangs uitstroom oor hierdie teerpaaie en grashellings

Wanneer ek buite loop en opkyk in hierdie rookwit lug
Wil ek jou gebare herken in die wolke
Jou stem in sonsondergang-voëls in stilstrate

In elk geval
Wanneer hulle wonder en vra, wanneer jy twyfel in jou oë
Anyway when you do that
Wil ek weet van diepsinnighede en gekheid en jy weet
Anyway ja in elk geval
Luister, die wind kom op
Daar's iets op sy tong
*T Coetzer*
*Nuwe Stemme 2 – Tafelberg 2001*

**LEGENDE VAN DIE WATERSOEKERS**
Die swartman het sy dolosse
uitgestrooi en stil 'n rympie opgesê,
totdat tussen vaal melkbosse
die regte beentjies slim gaan lê

Die mikstok het koppig stil gebly
en toe, waar tussen swartstruik en ruig
'n witrif belowend uitgly,
meteens beterweterig afgebuig

Met verkyker, kompas en swaar apparaat
het hy gekom: die geoloog
wat met besliste kopknik en baie gepraat
sy pen inslaan en slu knipoog

Toe die boorman, en ná drie droë gate
sy stil vertrek met verskonings en kopgeskud
Droë hopies agtergeblewe sand het verlate
saam met bos en been verbleek tot wit

En eendag, tussen rooiduinsand en stompies gras
het die boer gekniel, en toe hy opstaan
kleef klam sand aan sy velbroek vas.
*George Weideman*
*UIT: Pella lê 'n kruistog vêr [Tafelberg]*

**OM GROOTMENS TE WORD**
O, kabouters, waar is julle?

Hoekom is die maanstraalleertjies elke aand leeg?

Hoekom laat julle my tervergeefs op die vensterbank wag.

en wag.

en wag?

Ek wag dat julle moet kom
om met julle danse al om en om,
my te betower: my te laat lag
in die blink maan se prag.

Maar … julle kom nie!

En die kind in my is besig om te kwyn.

O, kersvader en jou takbokke, waar is julle?

Hoekom gee ander nou die geskenk wat altyd van jou gekom het?

Hoekom sien ek nie meer die spore van jou slee in die rooigrond van die plaaspad nie?

Ek wag vir jou in jou rooi pak,
dat jy 'n geskenk moet hang aan die kersboomtak
en die lusern voor die deur, jy weet mos
dat jy dit moet saamneem vir jou bokke se padkos.

Maar . . . dit gebeur nie!
En die kind in my is besig om te versmoor.

O, die lewe is wreed.

Hoekom neem dit alles wat my kindergeluk was?

Hoekom is dit so swaar om grootmens te word

terwyl ek innerlik nog kind is en dit wil bly?

Ek wil huppel met 'n ballon in my hand
met los hare deur die pienkpers lupineland.
Ek wil wipplank ry, "kano-en-pophuis" speel.
en boomklim saam met Kiets omdat die grootmense my verveel.

Maar . . .  dit kan nie!

En die kind in my is dood.
*Felicia Mundell*
*Uit: Drumpel*

**EK IS DERTIEN**
Dertien
is mislik en eensaam en lomp
is oorgevoelig en afgestomp
is verlang na 'n held wat sesuur kom klop
en sê ek laai jou nou-nou op
vir vanaand se fliek en pizzas eet
[al voel ek verleë en natgesweet]
ek droom my lyf is voorbladmooi
ek wens ek was Neil Spark se nooi

Maar
so what ek koop maár warm chips
taaitoffies en coke en chocolate dips
en skryf op my hand
   You know how i feel
   Debra is in love with Neil

en ek tjank oor die maan wat so sag
en so ver soos 'n droom lyk vannag
hier waar ek voor my kamervenster kniel
en bid: ag here ag bless vir Neil
*Beth Murray*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 9 : SEUNS/DOGTERS**

***Soverby se lam ('BELLA BOKLAM')***
Bella is 'n bielie van 'n boklam,
sy't Grootriver se bloed in haar.
Soms is sy stil, soms is sy kwaai.
Boeta, speel haar tog sag met jou ghitaar.

Bella is ‘n bielie van ‘n boklam,
sy is bobaaslam op Soverby.
Jou storie moet jy ken, sowaar,
Boeta, as jy saam met haar wil wei.

Bella is ‘n bielie van ‘n boklam,
sy’s kort van lyf en kort van draad.
Moenie vra nie, Boeta – vát,
anders word Bella-lam kwaad.

Bella is ‘n bietjie van ‘n boklam,
sy’s uit goeie hout gesny:
haar pa was ‘n rammetjie-uitnek,
haar ma het tog te lekker gevry.

Bella is ‘n bielie van ‘n boklam,
sy’s mooi gespeen, sy’s slank van skeen.
Sy sal melk hê, broer, glo vir my
- sy’s die mooiste lam op Soverby!

***Boesmantaal***
Dit klik dis klak -
Hy praat nou twak.
Dis kiet dis kat
Dis wie weet wat
Se woordeskat!

Vanwaar hy al die klikke haal,
Wat voorkom in sy Boesmantaal –
So ‘n deurmekare braaisel,
Bly maar steeds vir my ‘n raaisel.

Dis tlik dit tjlok –
En dink hy jok!
Dis tlêk dis tloek –
Kom ons deursoek
Die woordeboek.

Ag Boesman Baasman wat sê jy?
Of skinder jy miskien van my?
Nie jy of ek of ons klein Faan
Kan Baasman of sy vrou verstaan.

Dis kliek dis kloek –
Sou hy nou vloek?
Dis kiet dis kat
Dis wie weet wat
Se woordeskat.

UIT:”***NEA PROSPECTUS 2005”***

**GRAAD 9: SEUNS / DOGTERS**

**SOLITAIRE**
My familie, verbete brugspelers,
kon telkens ‘n vakansie wegskommel
aan ‘n kaartspel.
veral my pa, gedugte speler,
kon sy kinders elke toertjie leer.

Met mỳ was dit anders.
Van jongs af uitgesluit van hul harde roepe,
Blydskap oor ‘n goeie hand

of voorgee

Wyl hulle saam om ‘n tafel sit
in ‘n vakansiedorp langs die see

het ek reeds as kind
woordeloos geluister
na die see se ritme
en verbeelde kaarte
een vir een op die dobbeltafel neergesit.
*Joan Hambridge: Uit – Ewebeeld*

**IN DIE BAAI**
Dit was lank gelede.
Ons loop in Kaalvoetstraat,
ek en jy.
Die klippies steek skerp onder ons kaal voete;
ons loop eina-eina.
Ons lag vir die name van die huise
en sommer net oor ons jonk en bly is.
Kan-ni-kla-ni, Laatnag, Vrolikheid,
Woelwaters, Rus-my-siel.

Die wind waai my los hare teen jou wang.
Dit kielie.
Ons lag saam met die branders,
Jy byt ‘n string hare tussen jou tande vas.
Vrolikheid, Woelwaters, Laatnag.

Laasweek het ek alleen
langs Kaalvoetstraat gestap,
eina-eina
verby Uitspan en Laatnag
tot by Kan-ni-kla-ni,
Rus-my-siel.
*Hester Heese*

**ENGEL**
As ‘n mens ‘n engel in ‘n woonstel kon impas
Met vlerke en vleuels en al,
As mens dit versigtig kon invou
Soos ‘n kind in ‘n hoek
Met knieë opgetrek teen die bors,
Ingeleun onder kosyne deur
En versigtig gedra langs boekkaste en stoele verby;

As mens ‘n engel tussen mure kon pas
Op die derde vloer aan die oostekant
Tussen potplante en goudvisbakke
Sodat dit soggens die mooiste sal wees
As son op vlerke en vine en blare val,
Sal die hele woonstel na hemel ruik
Soos slagvere wat saggies teen tralies kneus.
*Ilse van Staden*
*Nuwe Stemme 2 – Tafelberg*

**16-JAAR-GEDAGTES**
Ek maak Mona Lisa
se smile myne
en gooi klippies
wat hopscotch speel
op die water;
die rimpeltjies
van jou blou oë kring
al wyer en wyer
oor jou songesig.

Ons skaduwees dans
ligvoets
oor die water
saam met die bloekoms
en in die wit
flaffie weerkaatsing
daaronder
bou ons 'n eie
kaia vir die tye.

Maar ek skrik
en lag ontsteld
vir my sestjien-jaar-gedagtes
se onvergeeflike uitspattigheid.
*Zahn de Bruyn*
*Uit: Nuwe Verseboek*

**VINGERS OOR DIE KLAWERS**
lig
  vrolik-dartelend
boklammer die vingers oor die klawers
  die reën in die musiek
drup
  drup
      die vingers dans in die reën!
dit terg
dit speel
'n pinkie klein
sukkel om by te hou
sy langer maats hardloop in oktawe voort …
uitbundig
Van middel C
en kruis by F
draai by A
om weer – 'n oomblik te rus in B
fortissimo!
tempo donder versnellend
vasgekeer
fladder die vingers angstig
heen en weer
stadig stadig
verflou die musiek
die vingers verstil
hygend weerloos
lê die hande gerus in die pianiste se skoot.
*Ansie Douglas, st. 9, Hoërskool Reitz, Reitz*

**BESOEKER**
Uit die TV-skerm het hy uitgespring,
'n Marsman,
of in elk geval bewoner van 'n ander planeet
nou op huisbesoek by ons.

Sy aksent is - wel, Marsiaans,
maar tog met verstellings in ons ore
heel verstaanbaar.

Ons het uit wans uit besluit:
as hy wil bly, moet hy
by ons roetines en kodes inval
waarmee hy (skynbaar) akkoord gaan.

Hy is sku
vir familietwiste;
hy ry graag fiets
en treiter honde en kanaries;

sy geografiese kennis is indrukwekkend,
veral van berge, rivierkronkels, woestyne;
maar eiers moet jy van hom weghou,
spinnekoppe en seilende goed,
terwyl babas hom verleë maak.

Soms in die middel van die nag
hoor ons hom skater
(of is dit sý soort huil?)

Dalk het hy 'n ekstra kombers nodig,
ten minste 'n bedmaat.
*Ernst van Heerden*
*Die herfstelike lig [Tafelberg]*

**SEUN VAN AFRIKA**
Seun van Afrika, gevul met vrees.
Vir die dag van môre, hoe sal dit wees?
Van swaar kry dae, nog lank nie verby.
Honger slaap, bly deel van my.

Ek dink terug, aan my kinder dae.
Dae van honger-pyn en vrees.
En môre, waar sal ek wees
Hier … daar … of gees?

Sons opkoms, oor die nuwe land.
Vol verwagting, en verward.
Met 'n hart wat klop, wild binne my.
Vir die dag van more, waar sal ek bly?

Seun van Afrika, wees gerus.
In die sonskyn land, vind jy rus.
Seun van Afrika, Trots en bly.
Einde laaste, is jy vry.
*Eugene Rainford Beek*

**XII**
By Sutherland volg die grootoog,
die planete soekend in hul baan
iewers moet 'n sterreweg loop
waarlangs die mens kan huis toe gaan

Maar tevergeefs: die pad bly toe
al word hy eeue lank al stof gebid
deur wiggelaars wat "sterrekundig"
toe-oog in hul torings sit

Binnetoe, mense, jul moet binnetoe,
jul kyk in leë beloftes vas.
Die padkaart-praatjies wat jul volg
kan net maar in die verbeelding pas

Soek binnetoe, diep in die eie oog
se donker onbekende agterin
dit is waar die mens se heimwee
en sy sterredroom begin
*M.M. Walters*
*Uit: Sprekende van God [Tafelberg 1996]*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 10 : SEUNS/DOGTERS**

***Ballade van Bettiesbaai***
onder die berg by bettie se baai
groei 'n enkele ligpers keurtjiebos
waar lank lank gelede – só
gaan die storie – 'n kruppelkind
siek meeue getroos het by die see
gevang en gevoer en name gegee het
as die suidewind waai by die see
kierang en kroes en skimmelsee
wiekel en waks en alewee
halfpadmal en horrelvoet
toe die keurtjie nog wild was ammelee
het sy vlerke gespalk en krewels gegee
nekomgedraai en kerkhof gehou
en met keurtjieblomme kranse gevleg
as die suidewind waai by die see
op dertien jaar – só gaan die strorie –
moes die boggelruggie berg uit vlug
voor die dorp se visservrouens uit
sonder trane en gedwee
na haar siel se woonplek t'rug
en soggens vroeg as mens stip kyk
na die pers van die keurtjiebos
as jy luister na die waai van die suidewind
dan hoor jy nog hoe roep die kind
in die aleweeduine van bettie se baai
onder die boggelrugberg by die see

***Omdat***
My maer hande steek vir jou 'n kers aan
omdat jy my maat geword het
toe ek na 'n kwartaal
nog somber alleen tussen die ander sit,
omdat jy my pouses uit die
biblioteek kom haal om saam liedjies te sing in die saal,
omdat jy my maat bly
t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
omdat jy lief vir my geword het
en my selfs vashou teen jou bors
t.s.v. my dimpelbene en die
ryp puisies wat op my wange kors.

My kers brand
omdat jy kaalvoet saam met my
deur die dorp loop
en wag as ek iets in 'n
supermark koop
omdat jy pouses vir my brood gee,
smiddae vir my wiskunde verduidelik
en soms oor my skoon hare vee.

omdat jy my maat is en so daarin berus
al skinder almal oor jy 'n seun
en ek 'n meisie is

omdat jy verstaan as ek weg van jou kring
en agter die gordyne kruip
as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou
hy sê dankie en hy bid vir jou.
*Antjie Krog*
*Uit: Eerste Gedigte (1994)*

***Volstruisvermaak***
Stip, en agterdogtig hierdie kyk
uit nekgestrekte hoogtes op 'n wêreld
wat sy vieserig betree, betrap
maar bitter weinig van begryp –
want voorwaarts rem die meganiek
al swikkend in 'n lomp tru-rat;

haar knieë knak mos aweregs,
die tone wil iets potigs word,
'n oer-gesplete hand of klou,
en by die vlerke pluim dit so
dat al hoe meer begin te skort;

met swierpluim maak sy arms bak,
word waggelswaan en gaan op loop:
terwyl die hoerderkop gewals
haar cancan-dye vlug ontbloot,
beland sy lig-verbaas op 'n verhoog
waar dansers wil-wil vlerke kry.

UIT:”***NEA PROSPECTUS 2005”***

**GRAAD 10 : SEUNS / DOGTERS**

**KAN EK JOU DOGTERJIE WEES?**

kan ek maar vanaand jou dogterjie wees?
ene met vlegsels en blindelingse oë
met dun skurwe bene
en rowe wat altyd van voor af begin bloei
sal jy my in jou hande toebind
as ek sku, met my voete na binne gedraai
langs jou stoel kom staan
en vra om op jou skoot te sit
sal jy die kinders wegjaag wat vir my skoene lag
wat my haartjiespop in die lug in gooi
en haar oë in haar kop in druk
sal jy dat ek eenmaal alleen agter op die bakkie staan
terwyl jy lande toe ry
sal jy afklim en my help met die slap-arm hek
sonder om kwaad te word
sal jy vir my lang soetriet in die mielieland pluk
en groen waatlemoentjies oopsny in die veld
sal jy vir my ‘n lammetjie huis toe bring
of ‘n patrysie
of ‘n sproesige stokstertjie
en as ons van die in-ry af kom
sal jy my in ‘n kombers toedraai en afdra van die kar
sal jy my voete warm vryf en hou op die vuur gooi
sonder om jou hande te brand
sal jy my lig aansit en vir my water bring
as ek na jou roep in die nag
wanneer die klein aardbol van die kas af val
en ek my kinderdae
soos hanskuikens na jou toe dra

kan ek maar vanaand jou dogtertjie wees?
*Uit: Januarie-suite*

**SPIEëL**

Deur die waternewels in ‘n visdam
het ek as kind
‘n sprokiesland aanskou.
In die slik en half-ontbinde wier
lê die bose en die goeie
deurmekaar gevleg
en inmekaar gevou.

Daar sien ek in die troebel groen
‘n klein prinsessie wat ‘n padda
in ‘n prins verander met ‘n soen.
Oor die water vee ‘n ligte windjie:
drie oosterlinge skenk wierook goud
en mire aan die Jesuskindjie.

Nou verskyn daar tussen lelieblare
‘n heks wat brousels op die bodem roer,
Bloubaard met sy sluwe oë en wilde hare
‘n grynslag om sy wrede mond.
En gooi ‘n klippie in die water:
en onder draai die Duiwel rond.

Ek keer weer terug na twintig jaar.
Nou sien ek in die waterkartels beef
en in die diepte aan die bodem kleef:
my eie beeld wat uit die donker staar.

**PATROON VAN STUPIDGEIT**

‘n Verhoging?! vra-sê hy.
Nou goed,
maak ‘n lys van al jou uitgawes
dan kom sien jy weer vir my.

Hoeveel kinders? vra hy met ‘n sagmaaktoon.
Waarom het jy ‘n kleur-TV-stel?
Is dit nodig vir ‘n telefoon?
En lewensversekering…! Hy draai aan die hel

Ag, tog, vir wat ‘n kar?
Ry taxi, ervaar daagliks iets nuut.
Klere.  Kry ‘n werkspak.
Diensfooie! Dis nou vir jou iets!

Jou studie: hoe kan dit help
om jou beter te laat werk?
Medies, meubels … ontspanningsgeld?
En tien persent gaan na die kerk!

Ek dink jy word te goed betaal!
*PJ Snyders*
*UIT: ‘n Waarskynlike mens (Unison)*

**STRAATKIND**

Die skemer daal, dit is snerpend koud.
Jy kleine seuntjie, skaars tien jaar oud,
dwaal doelloos rond
jou ogies op die grond
soekend na geluk
tussen papier en blik

Die hongerpyne dryf jou voort,
jy smag na ‘n stukkie brood.
Jou bedel handjies is koud en vuil,
op jou wang lê traanspore van vergeefse huil.
Die barste aan jou voete is so seer,
‘n moeder vanaand; is wat jy begeer.

Die nag kruip nader, jy is alleen
geen tuiste het jy, waar gaan jy heen?
Jou bed is die grond, jou kombers is papier,
asblikke bied jou skuiling, teen die wind se malle gier.
Jou swart lyfie smelt saam met die nag se skim,
as jy in jou papier en karton bedjie klim.

Jou lyfie is moeg van ‘n lang dag se hoop,
Van bedel en vra om ‘n kossie te koop,
Beledigings en vloeke lê ver agter jou,
jou selfbeeld reeds lankal baie kiep geknou.
Dit is net jy en die huil van die wind,
Jou Naam? sommer net STRAAT KIND.
*Anoniem*

**EENDSTERT**
Die soektog na my gesig
is so geweldig dat ek
alle gesigte haat
wat reeds gevind is.

Soos ek kyk, is alles spieël,
maar in jul gevestigde oë
word alle hoop
deur vraagtekens uitgewis:

Ek word 'n vraag,
die haat word teen myself
en ek hardloop weg van alles
wat standvastig is.

Waarom word almal nie klein
volmaak gebore?
Ek verlang na my as ouman
wat lag oor my as kind.
*George Louw*

**DIE MENSE WAT MY LIEFHET**
Die mense wat my liefhet
kom groei op my soos mos
daar laat ek hul na hartelus gedy
en loop deur die wêreld
- beskut teen die koue -
die snoesigheid self:
ek met my moskombers
En as daar oorlog kom
word die mense wat my liefhet
'n ekstra horinglaag
so marsjeer ek deur die wêreld
- gepantser teen die vuur -
die onaantasbaarheid self:
ek met my harnas van been
Maar as iemand wat op my gegroei het weggaan
kom sit daar 'n wond
dan sluip ek deur die wêreld
die kwesbaarheid self:
ek met my seerplek
wat nie wil genees nie
*STEPHAN BOUWER*
*Uit: Soldag*
*Verslig [Delos]*

**BUSRIT IN DIE AAND**
Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.
Skaduwee-skimme gly verby . . . Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor 'n dam die blinkpad na die maan.
Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand . . .
Die vaartuig waggel afdraand, om die draai, met skril
gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë, mekaar toelag
met glinsterende oë . . .
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.
*ELISABETH EYBERS*
*Uit: Versamelde gedigte*
*Verslig [Delos]*

**SONDER JOU IS MY DAE LEEG**
*[vir Ounooi]*
Sonder jou is my dae leeg, word die maande
oorslaanjare, wanneer die reën wegbly
en die noordewind tam is
en die fyngras nouliks roer.

Sonder jou is my vlaktes vaal en verskote
- ou papier waaruit woorde weggebrand het –
en in die lopies van droë slote
skilfer skaars herinneringe op.
Sonder jou is my hart 'n dor vrug
waaruit die sap verseng het.

Kom nog een keer, my beminde,
laat die reënwind dit uitspel in die lug
en die weerlig steels in jou oë speel –

nog een keer wil ek in die nat gras snuif:
wil ek voel hoe die reën oor my stuif.
Kom, lê jou woorde saggies in my mond soos reën,

dat die saad in my hart kan opslag maak
en 'n ewigheid in my groei soos 'n vrug –
sonder jou is my dae leeg, en wolkeloos my lug.
*George Weideman*

**WANDELING NA DIE REËN**
… kinders wat opgroei en later slaan
elkeen na eie aard sy rigting in

"Kom ons gaan stap!"
skielik verlos van ma en huis se hoekigheid:
die binnebly en die vermaning elke keer
"Pasop die Oostewind kom op
en oor die bergrand skuim inflammasie-wolk!"

die Oostewind was net 'n goeie maat,
die reënboog was gespan oor dennebome
en opgebreek soos helder legkaartstukkies
in waterspieëltjies op die inkblou straat:

my hand was in sy vuis geduldig vas,
sy gang het hom tevrede by my treetjies aangepas.

"Kyk, Pappa!" Verbyster deur 'n skalkse blom

se goudgeel lag, het ek gaan staan.
"Laat bly dit, kind, as mens dit pluk, verlep dit net."

In die geskulpe lig het ek my blom laat vaar:
die reën was wit en blink
soos kersfeesliggies in die sipresboom
en ek het sonder vrae geglo:
as mens dit pluk, verlep dit net.

"Vader, kom laat ons gaan stap –
[geen Oostewind of witwolk mag ons keer!]
ek wil u op ons wandeling iets wys:
- nee, los my hand! –

daar is 'n goudgeel blom wat ek wil pluk
om stukkend teen my wang te druk."
*D.J. Opperman*
*Uit: Digby vergenoeg*

---

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 11 : SEUNS/DOGTERS**

***Hippie***

Hy groei
plantaardig uit 'n stoel voor 'n kafee,
'n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoed met reis om homself.

Hy slaan
'n pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huisie se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van 'n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoeders slaap om 'n verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in 'n kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien 'n genommerde
kamer met 'n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van 'n malman op 'n afgrond, of
die binnevlerksagtheid van 'n woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit 'n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.
*Wilma Stockenström*
*Senior Verseboek: DJ Opperman*

***Lied van die kinders***
"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
'n kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete ler
op 'n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My kom,
gevang in die kruisvuur by Ma'alot –
bang hasies in 'n bos wat brand,
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders
van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in 'n stal se stank van mis en bloed,
en self die Kind van Bethlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.
*Lina Spies: Dagreis*

***Vuurproef***
Nié die verwagte ontmenslikste gesig
van Isreali of Palestyn, Serwiër of Kroaat
maar 'n rare kat wat vêr weg kyk
by 'n veearts wat soos 'n rabbi lyk,
nié die gewone relaas van haat
maar *Die Burger* wat op 2 April berig
van 'n ongewone hellevaart –
en onverhoeds onder *Internasionaal*
ontvou bomenslik en volkome 'n verhaal
wat die hele Amerika aangryp:

Verwonderd het 'n New Yorkse brandweerman
aanskou

hoe 'n straatkat uit 'n vlammende gebou
een vir een haar kleintjies dra
na veiligheid oorkant die straat
om daar – verblind en verwond – haar te vergewis
dat sy nie een vermis
deur al vyf met haar neusie aan te raak.

Sagmoedig is sy en wonderlik
word gesê by die diereasiel
waar haar kroos en sy herstel:
hulle noem haar Scarlet
weens die rooi oopgebrande repe vel
in haar verskroeide pels –
en vir één dag se duur
is 'n nuusblad só van die liefde vol
sag en moedig en 'n wonder –
dat sy skarlaken suiwer word soos sneeu
en wit soos wol.
*Lina Spies*
*Die skaduwee van die son, Human & Rousseau*

UIT:"***NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 11 : SEUNS / DOGTERS**

**EK WOU NET BID**
Terwyl die herfs
die valleiberge pienk-oranje verswelg het
wou ek êrens kniel en
iemand daarvoor dank

terwyl ek staat af stap
het ek mossies voor die n.g. kerk
impressief groot
in reënwater sien bad
maar die deure was dig gesluit
here ek wou net bid

'n wintersmiddag koud het ek
met rugsak en versteende duim
verby 'n grou klipgeboutjie gestrompel en
die deure was oop magneties oop

ek het op die agterste bank gaan sit
my hande 'n hopie op my skoot
my oë gesluit

ek kon voel jy was daar
god abba vader
drie-enig onverstaanbaar

ek wou net bid
verskoon my onsekerheid
maar ek kon jou nie in
toedeurkerke vind
vergewe my sonde
ek is slegs 'n kind
*Karin Nepgen*

**TWEESENTSEUNTJIE**
Ek onthou ons kleintyd;
kaalvoet in die reënplassies
met my nuwe trui
wat jou warm hou,
jou stukkende skoen
en skurwe hand,
jou gelapte onderbroek.
Beste maatjies.
En later –
ons eerste, onbeholpe
soen.
Voel-voel op hierdie
pad

van ons eerste dans,
en saam-saam ontdek
ons die bittersoet
en wipplank ry
van eerste liefde …

Maar nou het jou blousel oë
tralies voor,
en jou mimiek
verstaan ek nie.
Jy – tweesentseuntjie –
wat nou rande het,
ek weet van die bitter
opstand in jou,
van die sweer
wat ryp geword het.
En Jonatan wens hy kon help,
maar hoe praat ek verby
die knop in my keel
en die liefde in my hart ?
Hoe vertel ek jou
dat die Kainsmerk
verdwyn het,
dat juis dit
die silwer gelouter
en die goud gesuiwer het?

En hier,
in die sipres se skadu,
brand ons lippe
en ek vertel jou dit,
maar jy verstaan nie.
*L Botha*

**OP DIE DOOD VAN RIëTTE**
(In liefde opgedra aan Marius en Angeline)
Die klein wit kaartjie in my hand
is swygsaam met jou silwer naam,
geen Bybelteks vir troos, geen in memoriam,
geen lanfer-strepie langs die kant.

So is dit reg : vir jou was donker net
die leeu wat swart en vriendelik saans
kom snuif het aan die agterdeur

terwyl die kinders van die buurt se oë rek.

Jy was hart-vol, sag en klipdas-warm,
maar weerloos teen die pad, die teer, die grond
dat tussen al die draad en harde staal
net jou handjies met gewone groefies oor kon bly.

Of was die dood genadiglik die skans
wat jou vroegtydig reeds moes veilig hou teen
elke voet wat na 'n hond sou skop,
Elke koeël deur die borsie van 'n duif,

elke hand wat diertjies op sou stop
om in museums na mens te kyk
met koue oë agter koue glas –
Wat staar die silwer letters ook bedrog?

Jou kat skuur spin-spin teen my been
en helder in my sing ons liedjie weer :
Almal dra 'n jas, 'n jas wat netjies pas!
Ek lê my hand eerbiedig teen die warm vag!

Jou groot bruin oë knipoog om die hoek
en ek hoor jou saggies lag
*Uit: Digby Vergenoeg, Human en Rousseau*

**EK MAAK NOG DEURE OOP**
Ek maak nog deure oop
op kloppe in die nag.

Dit is net die wind
wat drome deur die vensters jaag.

Ek kon skryf: die bome sny die maan
soos 'n skulp uit die nag los,

maar om oor bome te skryf in dié laat seisoen,
met winterhande, help nie.

Die wind raak verstrik in die takke,
wriemel haar los en word stil.

Nou kan ek die laaste reëls
met en oor jou skryf

en met 'n ander sê: Vannag
kan ek die treurigste verse skryf.

Hoe het jy in-en uitgewaai
en tyd nie versteur nie.

Ek kan nie erken
dat jy nie meer hier is nie,

en luister nog vir 'n klop
met een oor waar ek skryf.

Niemand sing hier in die agtergrond nie.
Ek luister en hoor niks.
Hoor in 'n droom net die eerste klanke
van herfs, ver op pad tussen bome.
*H.J. Pieterse*
*Alruin*

**BY 'n STERWENDE KINDJIE**
Eddie, kan jy my hoor?
Dis ek, oom Dominee.

Jy moenie bang wees nie,
die Here Jesus sal jou self kom haal,

jou handjie vat,
Jy is mos lief vir Hom.
Weet jy, die stad waar Hy woon
is so mooi, met pêrelpoorte
en fonteine. Sagaria, die profeet, sê
oral op die pleine en die strate
speel die kindertjies
Moet ek dit vir jou lees?

Jy wou iets sê?
Wag, ek kom nader-
kon nie mooi verstaan nie.

Jy wil nie gaan nie.
*I.L. de Villiers*
*Uit: Leitourgos, Tafelberg*

**SONATA**
ons vriendskap
was 'n middagmelodie
van vier tot vyf
tussen die koel geheime
mure
van die plat wit huis
waarin jy bly

en buite
het die luisterende plante
oor die dak gerank
gekartel
in die harmonie
van fluisterende klank

nou is ons vriendskap
net die stilte
na die simfonie
en op 'n reënerige nag
herskep ek dit
met wit gepunte vingers
tot 'n temerige klag
op my klavier

want ek verlang na jou
en huil alleen
omdat jy vir my lag
*ANNESU DE VOS*
*Uit: Gebed van 'n groen perske*
*Verslig [Delos]*

**NIEMAND HET GEKOM NIE**
Steyn het gesterf in die straat.
Talle nuuskieriges.
'n Verkeersophoping.
Die blitspatrollie laai hom op
en neem hom na die lykhuis.
Nou wag hulle op 'n familielid,
'n vriend of 'n kennis,
drie dae lank.
Maar niemand kom nie.
Dan word hy in 'n yskas gesit.
Wat 'n simbool!
Daar is yskaste vir mense wat vergete is.
Hulle wag veertien dae.
Nog kom niemand nie.
Dan neem hulle hom
een middag
in 'n lykswa
na Wespark
en begrawe hom
soos 'n verlore
voorwerp.
Steyn
was 'n mens,
'n mens alleen in die stad,
deur ander mense
lankal begrawe.
*Phil Bosman*

**WETENSKAPMANNETJIES**
Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken en klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.
*A. Krog*
*Human & Rosseau*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**GRAAD 12 : SEUNS/DOGTERS**

***Vir die mense van Riemvasmaak***
die gedwonge eksodus is uitgevoer
die riem is los- ge- maak
die naelstring wat bind met die grond van geboorte
deur- ge- knip
klein ou volkie het ballinge geraak
weggedryf van alles met waarde
ver ver weg van die groot gariep
herplant op dorre aarde

by die stroompie van niks-het
het ons gesit
ons trane gevloei
as ons aan die huis dink

in die stilte van geen sang
moeisaam voortgeploeter
ons kitare in doringbome opgehang

hoe kon ons 'n loflied
in die vreemde verskikking sing?
hoe ooit dankbaar ons Here nog lof bring?

maar nou het ons teruggekom
is geboortegrond weer eie grond
is die psalm in ons hart
die vreugdewoorde van ons mond

die liefde van Jesus is wonderbaar
wonderbaar
prys sy naam
die liefde van Jesus is wonderbaar
wonderbaar vir my

kom ons verheerlik sy naam
kom ons aanbid hom tesaam
die mense verander
die Here nooit
kom ons verheerlik sy naam
*Eugène Beukes:*
*Ons kom van ver af (1995; versamelbundel)*

***Japan***
Wit en blou en bruin
pophuisies van karton,
pikant en klein,
lê sorgloos rondgestrooi
vergete speelgoed van 'n kind –
tussen goudgeel akkers rys.
Riviertjies trippel na die see.
Klein vlaktes strek soos groen kimono's uit
om deur die wit strykyster van die son
gestryk te word
voordat die oesfees in die najaarstyd begin.
Soos op 'n poskaart
glimlag Fuji in die verte
sneeuwit en vredig teen die blouste, blouste lug.

Die sneltrein – groot sywurm –
het in Tokio hom knuppeldik geëet
aan mense en bagasie;
nou krui hy lustig aan
na Osaka
en Hirosjima.
Sy spore lê soos fynblink syedrade in die son.
Die klikgeluide van sy wiele tik
die ritme van 'n opgewekte lied
asof die hele land
al lankal klaar vergeet het van
die wonde
van Hirosjima en Nagasaki.

Maar êrens in 'n tempel het ek haar ontmoet:
met sewe wierookstokkies in haar hande
bid 'n erg verminkte vrou
na dertig jaar
nog elke môre knielend
vir die afgestorwe siele
van haar hele huisgesin:
een stokkie vir haar man,
en een vir elke kind.
*P.W. Buys: Pleroma (1977)*

***Meisie met perskes***
Meisiekind met jou perskes
en jou ligte donspienk rok,
hoe sit jy dan so ingevou,
so óm jou donker pit?

Jy plooi die trafeldoek en wit damas
waar jy so sielsalleen tot nou bly sit.
Die ander het jou wees gelaat,
'n silwer mes vir jou laat bly,
vier perskes kan jy rol en rol:

hier eenkant by die akkerblaar
lê een opsy, twee bymekaar
daarnaas, die ander in jou greep
gehou, soos almal hier, ook ek.

Ek wonder na wie kyk jy so,
het hy of sy jou ook verlaat?

Die spore van jou vingers lê
in riwwe deur jou hare, kind;
jou jongmenslyf lyk lig in pienk,
jou wange rosig, lippe ongerep,
maar swaar aan hake hang jou lyf
van elmboë op die tafelrand.
So het hul jou alleen gelaat,
jou sag laat instulp om 'n pit

:neem nou, eet, en smak die sap,
dit van my liggaam, net soos jy.

Die perskedons pas in jou palms,
en ek vermoed dat jy al
vrugtig weet hoe dun is skil
- nou kneus jy aan die vrug
omdat jy self nog net nie weet
hoe om wat jeuk en maal te sê
- nou is dit beter om net so
te sit, in pienk te sit en swyg,
al wys 'n kneus pas later,
nes 'n knou of stamp.

Ure kyk ek terug na jou,
jou ligpienk rok, jou oë,
jou neus, jou hare, mond
en wens net soms dat jy
al groter was sodat ek
jou kon uitvra, jou gedig
kon hoor oor my wat eweneens
bly staar na jou, bly kyk
uit tralies van 'n raam
- hier waar ek sit
by my lang silwer mes.
*Johann Johl: Roulet (1994)*

UIT:"***NEA PROSPECTUS 2005"***

**GRAAD 12 : SEUNS / DOGTERS**

**LASLAPPIE-KOMBERS**
**VAN MY LEWE**
Flenters en fragmente
stukkies en brokkies

Elke dag
borduur mens aan sy lewe
stekie vir steke
word flentertjie lap
aanmekaar geflans
tot malse skakering
laslappiekombers

Elke stukkie lap
van weinig belang
Elke lappie
saam vasgewerk
kaleidoskoopkleur.

Aan die einde
warm kombers
knus om my gevou
wanneer Hy
vir my
in die Grootpad staan

Eers dan
kyk
sien ek
my lewe
tot nou…

Groot purper lappe
wanhoopstye
Oorskadu
deur vlamrooi blydskap
vreugdevure.

Tussenin
klein stukkies

peppermintgroen
twyfel.

Heldergeel brokke
magrietjie sonspatsels
vrolikheid
en lag.

Turkoois verlange
omsoom
met indigo blou spatsels
vriendelikheid en
liefde
sonder gedagte aan besit.

Kombers van my lewe
veerlig opgestop
tot volkomenheid
met
Genade.

en tóg
fragmente silwer
ontbreek
is weg.
die aardse
vir die menslike verstand
onverklaarbare
onbegryplike.

Nou
word ook hierdie stukkies smeltkroes
silwer
vir my
in die groot geheel gewerk.

Nou kyk ons nog deur 'n spieël en sien 'n
raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien
soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik maar eendag sal ek ten
volle ken soos God my ten volle kan.
Korintiërs 13: 12
*Monica Beukes*

**DIE VRAAT**
**Vir Audrey Blignault**
Ek weet in my land hang die spuls flap
aan die suikerbosblom, en drink hom gulsig
onderstebo
vol stroop, vol son. Ek hoef nie te sien nie, ek weet.
Die valk ook, hy's daar, hy praat saam, hy hang daar
dwars
oor homself gevou soos 'n lap in die lug, en sy stip sig
loop die veld vol, ván die spekvet klipdas in die spleet
tot by die malse, skytbang streepmuis in die vyebos.
Als, hy sien als. En die miere –
die miere besimpeld soos mense met planne van strate
in tasse, bou stede met skagte wat aftap na onder
En babilonstorings wat stáán in die lug.
Ek weet van die grootgoed, die fyngoed,
die vrank ruik van kruie wat kneus waar jy loop.
Ek weet van die poproos, gekrul om haarself,
-hermannia… wat was die naam weer? Lanternkies lig.
Ek weet wat gaan aan.
Maar die veld is te groot,
ek moet kleinkom: kom terug na die vaal flap
wat hang in die meeldraadheelal van die wit suikerkan:
die blink een, wat vorentoe blom vir die inkruip
en vasklou. Janflap, wat hy alles daar oopskud
en opvreet, en oor die bosse uitskrou vir sy maters.
Hoe hy sy vaaltes regskud vir 'n sidderende lente
sonder dat hy weet dat hỳ die lente is.
Ek weet dit. Ek onthou.
*Petra Muller uit Swerfgesange vir Susan en ander*

**MARIA**
Deur daardie tuintjie het sy stil gegaan,
haar hande need'rig oor haar bors gevou,
toe hy, verblindend soos die son, daar staan:
drie wit lelies het hy in sy hand gehou.

Half-skaam, verleë, het sy opgekyk
en is opeens met groot vrees bevang:
sy oë het van haar nie afgewyk,
sy vleuels het oor heel die tuin gehang.

"Geseën is jy onder die vroue" – sy woorde –
of was dit winde? – verruis nog in haar oor,
toe hy teen die son in goue vlug verdwyn…

Sy het haar neergebuig en half-versmoorde
Klein snikkies in haar hart gehoor,
van verlossing reeds die vreugde en die pyn.
*Digter: W.E.G. Louw*
*Uit: Terugtog*

**FINIS**
Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
want jy't bobbejaan na my gestuur met 'n briefie in sy
bek

dit was geskryf op varkensblaar
dit was 'n bietjie dof
dit was om my en jou te nooi
na die Apies se bruilof

Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat
sing
En in my hart die Jakkalse elke dag laat trou.

Maar wat sal jy van my kan saamneem?

Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
en lekker wals op die Apies se bruilof
sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was

die wolke altyd bietjie voor die son –
en ek ten spyte van die reën kon lag

En jy sal lag
*Digter: Lina Spies*
*Uit: Digby Vergenoeg*

**BALLADE VAN MY BROER**
ek het my broer aangekla,
sélf hom verhoor;
ék het hom vasgevra
om hom te vermoor

aan my norme
het ek hom gemeet
- waarom is daar so baie vorme
van heilige seker weet?

Soveel strydige gesindhede
gebede téén gebede?-

ek het hom aan ‘n paal gebind
en teen hom getuig
hom skuldig bevind
en gejuig gejuig gejuig

na jare het hy uit die dood

uit opgestaan
en groter as groot
voor my uitgegaan

ek loop met die wurgplek
van sy hangtou
se merk om my nek
onuithoudbaar om uit te hou

die wroeging is ‘n puis
onder ‘n dik blou vel
wat soos ‘n bosluis
swel en swel en swel

dit wat weet om verbete
te bly lewe is die gewete
daar is meer as een soort
moord en selfmoord
*T T Cloete*
*Uit: Driepas [Tafelberg]*

**27 APRIL 1994**
uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerke tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei
sodat my nuutgebore stem na woorde smag om 'n lied vir my land
soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel
sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie
om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet
want een lyn van bloed loop deur die eeue loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou
*Vincent Oliphant Die sagte vlees 1998*
*UIT: Versreise [Tafelberg]*

**DIE VELES**
Hulle leef op skuld
tot Vrydagaand,
en tot die einde van die maand;

Gaan goed gekleed, soos wie-weet-wie-
trakteer mekaar op simpatie;

Ontspan by voorkeur
in die fliek,
dans dol op radio-musiek;

Sing luidkeels Sondae in die kerk
vloek roekeloos Maandae by die werk

Doen siektes op,
en word gesond –
gaan tog maar môre weer te grond;

Teel kleingoed by die tros, en stort
g’n traan oor wat van hulle word!

Die jare gaan,
die jare kom;
hulle mors die tien gebooie om –

Trek kort op sestig pensioen,
en raak met God en mens versoen.
*S.V. Petersen*
*Uit: Groot Verseboek, D.J. Opperman*
*Uitgewers: Nasionale Boekhandel*

***UIT: "DI KONOKONO SILLABUS 2002***

**OPE AFDELING : DAMES/MANS**

***Daar's 'n hele spul brakke***

daar's 'n hele spul brakke in turffontein
die base, oorspronklik met vakansie na die kus,
was te vrekkig om losies vir hulle te betaal by die hondehokke
wat is meer natuurlik as dat hulle avontuur begin soek het na
die tweede dag
al agter die reuk aan
wat verleidelik aangewaai kom in die aandlug
maar begeerte is gou bevredig
en die honger weer op die voorgrond
weldra is hulle 'n trop
wat van asblik tot asblik beweeg
en aas op 'n viskop hier en oorskietlewer daar
'n agterdeur gaan af en toe oop en 'n manstem roep dronk
voert julle brakke
terwyl 'n leë bottel, in die bondel in geslinger,
sonder uitsondering sy woorde staaf
as nog 'n week verloop het
is dit gevaarlik vir jong kinders om alleen in die straat te loop
sonder waarskuwing storm 'n ongekende grys gedierte met
baie bekke op hulle af
en as die gegrom bedaar het en die straat is weer leeg
bly net 'n hopie wit bene oor
nou eers waag die bure dit in die straat
en teen die middag beweeg 'n kronkelende stoet met
treurgesang na die buitewyke van die stad
die wyk is swaar getref
sommige sê dis die hand van God
ander hou vergaderings en waarsku skreeuend teen die
insypeling van die liberalisme
tot iemand kom met die logiese voorstel om 'n kind te offer
. . . die arseen het sy werk gedoen
in die nag laat 'n jammerlike getjank die strate sidder
en in die huise bewe en bid die mense
met vrug:
in die môre is daar geen teken van die monster nie
net getroue honde wat die stad wou beskerm
lê yl in die strate dood

***Elegie vir my toekomstige vrou***

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
	:dit was op die skaatsbaan
	of op die sessiondansvloer
	of dalk by die biduur
	(hoewel die soort
	wat jy by bidure ontmoet
	gewoonlik nie lank
	hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
	verlief geraak op my
	toe jy my profiel in die
	- nee wag – toe ek
	in jou oor fluister
	"ek smaak jou" (jou hare
	het effens na kougom geruik – oh baby)

	daarna het ek jou ouers ontmoet
	hulle het my uit die huis uit gejaag
	(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
	uit die mode sedert jan van riebeeck en oom
paul se tyd –
	my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
	behalwe die dominee
	en 'n paar assuransieagente
	(onder andere my pa, saam met sy
	vrou: gawe mense, darem,
	as jy hulle leer ken; ongelukkig
	ken ek hulle
	nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
	nie meer toptwintig
	geluister nie;
	ek het altyd gedog
	ek was verlief op jou (hahaha!)
	maar toe eers; toe vang ek
	die hele triek:
	alles gaan om skreeuende bybies
	en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek

*André Letoit*
*Suburbia*

***Waterblommetjies***

Ek wil waterblommetjies
doer op Wolseley gaan pluk
dit verkoop langs die witpad
vir andere se geluk.
Ek wil Kersfees kerk toe
die berge toe met sneeu,
en my hart weer nat
in leivore gaan maak.
Soms vat ek my fiets
om deur die pas te ry
ontdek dan by die tolhuis
die vers waardeur ek sny.
Ek staan in die gang
weer een Septembernag
en bid saam met ounooi
vir die gatomkop land
en baie baie krag.
Ek wil Geweerboud se doekomdanse sien

Koos Proem se rugbysêgoed
wat sweer ‘n literêre prys verdien.
Soms hou ek piekniek
by Darlingbrug
wat jare reeds straatop is
waar goeie ou dae wyk
wyk altyd weer terug.
Op Wolseley wil ek tot bekering kom
en tydens Pinkster sing
sien my Heer ek blom.
Ek wil graag as ek kan
nie ‘n pye-in-the-sky eet
die verdrukker te laat los
vir die dat Jesus sal vergeef
Ek wil bolle denne in Kluitjieskraal gaan haal
die pitte daarvan oopkraak
daaruit my vryheid haal.
Vir oorlewing en oorlewering
is die dorp verkramp
die nagte kort van draad
die dae baie parmant.

Maar Wolseley toe wil ek
waterblommetjies te gaan pluk
dit verkoop langs die nouweg
vir mense se geluk.
*Patrick Petersen:*
*Advent (1988)*

UIT:”***NEA PROSPECTUS 2005”***

**OPE AFDELING : DAMES / MANS**

IN DIE KLEIN GEMEENTES
In die klein gemeentes hou ons liefde boek
van die foute van die ledemate,
van ons broers en susters, ons ondersoek
ry op, ry af, na links, na regs mekaar se kwaad…
ons hou rekening van en ons reken af met
mekaar in die klein gemeentes voor die diens,
met ons ledemate se foute voor Gods wet,
gesiens en ongesiens …
ons kam mekaar uit
soos primate met die skerp nael mekaar
uitkam tot dien in die huid,
tot in die wortel van die haar…
van gehoresegge en ongehoord
en vermoed, voor en tydens en na die diens;
soort vermy en veroordeel soort
gesiens en ongesiens.
Maar God, God is ander as ons. Hy
is vol genoegdoening as die sondiges iets weer reg
kry…

God geniet dit as die alkoholis
gerehabiliteer is.
God vergeet. God
vergeet tot uitgediende hoerery, diefstal, tot
uitgediende moord, tot die onthouers
so goed as en saam met die verbrouers.
Maar óns, ons geheue is sterk
Wat oortredings betref, ons is sensitief vir boos
en heilig, ons hou die sonde lewend binne-in die kerk,
tot die vierde geslag. En God? Gods liefde is
geheueloos.
*T.T. CLOETE*
*UIT: Met die aarde praat*

**junie**
nou is die see my wintertuin
en ek kook storms op soos bene,
ek gooi gekweste meeue uit: ek plant bamboeswoude,
ek bring neste planke, en gryp dooie taiwannese,
húlle, matróse, wat oopoog tussen borrels dryf;
ek raap hulle skoene en stewels

en op ‘n skommelende oggend verskree
ek die see: jy, jỳ moet vir my meer bring
as tevore – ek bewerk jou lank

waar is my verhale van gebreekte skepe
en hulles wat sink aan hul borrels gestring?

kyk hoe die see by my aankom, smekend,
met stede versonke, golwe vol rooigif,
lawa wat opkook en aardplaat wat padgee!

aa, my see, ons moet saamwerk,
ons moet oplet na die oes, of dit van
jet is of van vlot; ons moet
mekaar goed verstaan: die dankbare saamleef
van woord en water, dikwels van asem, juis
as storms aankom na die kantelende strande
en die skepe vinnig padgee van die land

jy verstaan tog my onlesbare begeerte
na die vuil kolk van jou grys geweldighede
en die kosbare spel van jou kom
en jou gaan
*Petra Müller*
*Swerfgesange vir Susan en ander*
*Tafelberg*

**SELFMOORD VAN DIE ROBBE**
Hoe kon dit ooit gebeur?:
tientalle robbe
op ‘n onherbergsame sandvlak
uitgespoel,

waar met vetsugtige blink lywe
hul potsierlik omgekantel lê,
prooi vir die priemende son, die sout winde,
vir die indringerige malmokke en krappe,
tuimelende groen brommers uit nêrens;

waarom dié doodswens? –
hulleself te ontdoen
van kelp, garnaal en vis,
om uit die moederelement
‘n ander, ruwer grondstof te wil kies,

en só langsaam, sonder verwyt,
met verswakkende vinne en spane,
geel oë gedraai na die lig,
die Onbeweegbare Beweger af te sê,
die onsigbare magneet van alle wil,
alle begeerte,

om die grimmige seemyle
vir 'n grimmiger aarde te ruil?
*Ernest van Heerden*
*Kwadratuur van die sirkel*
*Tafelberg*

**MAIN LANGHAAN**
**Hy't 'n tattoo**
en 'n tjappie
en 'n stukkatjie gekry
nou's hy 'n main langghaan
wat wiet wat in die tronk aangaan.

As hy die ouense is
moet hy sy sign kan lig
Hosh Madodas
hoe sien julle vir my
hoe nôtch julle my tjappies
van 'n voël wat vlieg
en die duiwel se horinkies
wat my sharp laat lieg!

Hoe check julle my
'Cut on the dotted line'
en my yster wat skiet.
Djy is sat jou swine,
hou jou gavriet!

Hoe like julle my rose
'for my darling dear'?
Hoe sien julle my peace tjappie
vir die pastoor en my ma
solat sy haar bek kan hou en ophou kla.

Hoe like julle die boek
van Ninave?
Hie staan die wet
van die malewe
vir die ses en die agt
en die sewe.

Met sy stukkatjies
en tjappies
en tattoos daarby
is hy ytgevat
soes 'n designer kat.

Hy's 'n Main Langghaan
wat wiet wat in die mang aangaan!

Tjek sy tjappies!
Kyk sy tattoos!
Nôtch sy style!
Raak wys
as die duiwel smile!

Check hom style.
Check hom style.
*Chris Ferndale*
*Karapaks 2 1998 UIT: Versreise [Tafelberg]*

**DIE SKEDEL LAG AL HUIL DIE GESIG**
Eendag sal ek, weet ek, die dood
met laggende skedel trotseer. Minstens
my sin vir humor sal ek behou. Maar
of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
die bloubok van my geboorteland
Ook 'n glaskas in 'n museum sal haal?
'n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

Tog, hoe slim tog is ons met ons
uurwerkvernuf, hoe sterk
die groot swaaiende hyskraangebare
waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
neerplak in woon- en sakekomplekse.
Merkwaardig ons grabbelende navorsing
dwarsdeur dolomite om ons arms diep
soos skagte te sink en die grys erts
te gryp en op te trek, te vergruis en te
veredel tot staaf op staaf korfagtig
gepakte kluise van belegging. A ja,
wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
tot vuurstof te verryk wat as ons wou
Alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing

* Mevrou Ples: die 2.6 miljoen jaar oue kopbeen van 'n Plesianthropus transvaalensis is in 1947 in die Sterkfonteingrot naby Krugersdorp gevind. Dit is later as 'n Australopethicus africanus geklass-. fiseer.
* bloubok: wildsbok, omstreeks 1800 in die Wes-innerlike Kaap uitgesterf

* grabbelende: rondgrypende ('n Grabbelaar is 'n geldgierige persoon.)
* dolomite: harde kalksteen

* staaf op staaf: goudstawe

* tot vuurstof verryk: uraanvervaardiging uit die "weggooisand" van goudmyne

woes skoon kan laat ontbrand.

Ek sê mos die skedel lag
al huil en huil die gesig.
*Wilma Stockenström*
*Van vergetelheid en van glans 1976*
*Versreise - Tafelberg*

**("DIE GEHEUE 'N KOU VOL VOËLTJIES") – Plato**

partykeer (maar gelukkig byna elke dag) laterig in die middag
net voordat dit aand word (die donkerte van geruisloos en snel)
is daar 'n voëltjie iewers hier buite en bo onder die afdak
wat die katloop op hoogte van die selvensters
waar die bewaarders snags met flitsligte en gewere patrolleer
moet beskerm,
is daar 'n voëltjie met 'n skoon deurdringende geluid –
ek hou my asem vas uit vrees dat 'n argelose wag
of die holknars van 'n staaldeur wat sluit
die besoeker sal verwilder,
want met al die ore en die holtes van my liggaam en verlange
wil ek glo dat dit jy is, wil ek jou my naam hoor roep,
in die stilte bly knoop en 'n dialoog, roep nog één keer
dan is dit 'n teken, dan is dit nuus.

geveerde, kleintjie, jy met die ruime noot van buite,
ek het jou nog nooit gesien nie – is jy rooi? is jy grys?
of het jy werklik háár donker oë, haar skouers, die lippe
om haar mond, die warm plekkies agter haar ore?
ek sal my stilte in die hoek sit en knoop
sodat jy mag praat, enigiets, enigiets.

gisteraand, tydens die nagskof, het een van die wagte
(so jonk, nog 'n seun met 'n pet en die eerste sukkelsnor)
hier van bo deur die tralies my vertel
dat die owerhede beoog om die afdag tóé te maak
voor volgende winter, teen die koue.

en die ore en ruimtes van my liggaam het leeg geword,
want dán is die graf verseël.
en die soek diep in my na jou stem:
*Breyten Breytenbach*